



**Wes-Kaapse
Regering**

Plaaslike Regering



Jaarverslag 2020/21
Departement van Plaaslike Regering

JAARVERSLAG 2020/21

Wes-Kaapse Regering
Departement van
Plaaslike Regering

Begrotingspos 14

DEEL A: ALGEMENE INLIGTING 5

1.	Algemene Inligting van die Departement	6
2.	Afkortings	7
3.	Minister se Voorwoord	9
4.	Verslag van die Rekeningkundige Beampte	11
5.	Verklaring van Verantwoordelikheid en Bevestiging van Akkuraatheid van die Jaarverslag	14
6.	Strategiese Oorsig	15
6.1	Visie	15
6.2	Missie	15
6.3	Waardes	15
6.4	Wetgewende en ander Mandate	15
6.4.1	Grondwetlike Mandate	15
6.4.2	Wetgewende Mandate	16
6.4.3	Ander Plaaslike Wetgewing	19
6.4.4	Transversale Wetgewing	19
6.4.5	Beleidsmandate vir Plaaslike Regering	19
6.4.6	Ander Beleidsmandate	19
6.5	Organisatoriese Struktuur	20

DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING 21

1.	Ouditeur-Generaal se Verslag: Voorafbepaalde Doelwitte	22
2.	Oorsig van Departementele Prestasies	22
2.1	Diensleweringomgewing	22
2.2	Verbeterde Diensleweringplan	26
2.3	Organisatoriese Omgewing	40
3.	Vordering om Departementele Impakte en Uitkomst te Bereik	40
4.	Departementele Programvoorstellingsinligting	42
4.1	Program 1: Administrasie	42
4.2	Program 2: Plaaslike Bestuur	43
4.3	Program 3: Ontwikkeling en Beplanning	56
4.4	Oordragbetalings	65
4.5	Voorwaardelike Toekennings en Toegewysde Fondse Ontvang	75
4.6	Voorwaardelike Toekennings en Toegewysde Fondse Betaal	76
4.7	Skenkerfondse	76
4.8	Kapitaalbelegging, Instandhouding en Batebestuursplan	76

DEEL C: BESTUUR 77

1.	Inleiding	78
2.	Risikobestuur	78
3.	Bedrog en Korruptsie	80
4.	Interne Oudit- en Ouditkomitees	81
5.	Ouditkomiteeverslag	82
6.	Gesondheid-, Veiligheids- en Omgewingskwessies	84
7.	Bevordering van Toegang tot Inligting	84
8.	SCOPA-besluite	85
9.	Vorige Wysigings aan Ouditverslag	85
10.	SEB Nakoming van Prestasie-Inligting	86



DEEL D: MENSLIKE HULPBRONBESTUUR

87

1.	Inleiding	88
2.	Status van Personeelbestuur	88
2.1	Departementele Arbeidsmagbeplanningsprioriteite	88
2.2	Prestasiebestuur vir Werknemers	89
2.3	Werknemerwelstand	89
2.4	Monitor Personeelbestuur	89
3.	Oorsig van Statistiek van Mense Hulpbronne	90
3.1	Personeelverwante Uitgawes	90
3.2	Indiensneming en Vakatures	94
3.3	Beoordeling van Poste	95
3.4.	Werkveranderinge	97
3.5.	Indiensnemingsgelykheid	102
3.6.	Ondertekening van Prestasie-ooreenkomste deur SBD-Lede	108
3.7.	Vulling van die SBD-Poste	109
3.8.	Werknemerprestasie	111
3.9	Buitelandse Werknemers	115
3.10.	Verlofgebruik vir die tydperk 1 Januarie 2020 tot 31 Desember 2020	116
3.11.	Programme vir Gesondheidsbevordering, wat MIV en VIGS insluit	119
3.12.	Arbeidsverhoudinge	123
3.13.	Vaardigheidsontwikkeling	125
3.14.	Aandienbeserings	127
3.15.	Gebruik van Konsultante	128

DEEL E: FINANSIËLE INLIGTING

131

Ouditkomiteeverslag	133
Verslag van die Rekenpligtige Beampte	134
Verslag van die Rekenpligtige Beampte	138
Toewysingstaat	141
Aantekeninge by die Begrotingstaat	161
Staat van Finansiële Prestasie	163
Staat van Finansiële Posisie	164
Staat van veranderinge in Netto Bates	165
Kontantvloei	166
Rekeningkundige Beleide	167
Aantekeninge by die Finansiële State	175
Bylaes by die Finansiële Jaarstate	203



DEEL A:
**ALGEMENE
INLIGTING**



Algemene Inligting



1. ALGEMENE INLIGTING VAN DIE DEPARTEMENT

Wes-Kaapse Regering: Plaaslike Regering
Privaatsak X9076
St. George's Wandelgang 80
Waldorfgebou
Kaapstad
8000

Tel: 021 483 8986
Faks: 021 483 0632

Albert.Dlwengu@westerncape.gov.za
<http://www.westerncape.gov.za>

2. AFKORTINGS

ABRS:	Algemene Bedingingsraad vir die Staatsdienssektor
AMB:	Aksieplan vir Munisipale Bestuur
BBL:	Brandbestrydingslugvaart
BLVO:	Brand en -lewensveiligheidsopvoeding
BOASG (PILIR):	Beleid oor Ongeskiktheidsverlof en Aftrede met Swak Gesondheid
BPBI:	Bestuursprestasië-beoordelingsinstrument
BRS:	Basiese Rekeningkundige Stelsel
BSB:	Beroepspesifieke Bedeling
D:ORB:	Direktoraat: Ondernemingsrisikobestuur
DBIP'e:	Dienslewering en Begrotingsimplementeringsplanne
DKF:	Distrikskoördinerende Forum
DKFTEK:	Distrikskoördinerende Forum Tegnieke Komitee
DM:	Distriksmunisipaliteit
DMO:	Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
DOOP	Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning
DRA	Droogterisiko-atlas
DRP	Droogte Reaksieplan
DSA:	Departement van Staatsdiens en Administrasie
DSB:	Departement van Samewerkende Bestuur
DVO:	Diensvlakkooreenkoms
GOW:	Gemeenskapsontwikkelingswerker
FDPRMB:	Forum van Departementshoof: Plaaslike Regering en Munisipale Bestuurders
FMPRUB:	Forum van Provinsiale Minister van Plaaslike Regering en Uitvoerende Burgemeesters
GBB:	Geïntegreerde Brandbestuur
GBI:	Gesamentlike Beplanningsinisiatief
GDMB:	Gesamentlike Distriks- en metrobenadering
GGOB:	Geïntegreerde gemeenskapsontwikkelingsbeplanning
GI:	Gelyke indiensneming
GOP:	Geïntegreerde Ontwikkelingsplan
GPOS:	Geïntegreerde Prestasieondersteuningstelsel
GSOR:	Geïntegreerde Strategiese Ontwikkelingsraamwerk
GWP:	Gemeenskapswerkerprogram
GWPW:	Gesondheids- en welstandsprogram vir werknemers
MIV/vigs BT:	Berading en toetsing van MIV en vigs
HBI:	Histories benadeelde individue
HOP:	Heropbou- en ontwikkelingsprogram
ID:	Identiteitsdokument
IKT:	Inligting- en kommunikasietegnologie
IRV:	Interregeringsverhoudinge
JPP:	Jaarlikse prestasieplan
K&I:	Kwarantyn en Inperking
KDS:	Korporatiewe Dienssentrum
KMMO's:	Klein medium en mikro-ondernemings
LUR:	Lid van die Uitvoerende Raad
M&B:	Monitering en Beoordeling
MH:	Menslike Hulpbronne
MHOK:	Menslike Hulpbronontwikkelingskomitee
MIT:	Munisipale Infrastruktuurtoelaag
MIV/vigs:	Menslike immuuniteitsgebrek virus/verworwe immuuniteitsgebreksindroom
MORK:	Munisipale Openbare rekeningkomitees



NBP:	Noodbehuisingsprogram
NRS:	Nasionale Rampbestuursentrum
OGSA:	Ouditeur-generaal van Suid-Afrika
OKOSA:	Onafhanklike Kommunikasiewerheid van Suid-Afrika
OO:	Organisatoriese Ontwerp
OPB:	Organisatoriese Prestasiebestuurstelsel
ORB:	Ondernemingsrisikobestuur
ORBK:	Onderneming Risikobestuurkomitee
OSB:	Ondernemings in staatsbesit
OSPR:	Omkeerstrategie vir Plaaslike Regering
OVH:	Opleiding vir hoogtes
PBT	persoonlikebeskermingstoerusting
PBS:	Prestasiebestuurstelsel
PKF:	Premier se Koördineringsforum
PRBS:	Provinsiale Rampbestuursentrum
RB:	Rekenpligtige Beampte
RNTOS	Risikobestuursraamwerk van die Nasionale Tesourie Openbare Sektor
SAAMS	Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Sekerheid
(SASSA):	
SAPD:	Suid-Afrikaanse Polisiediens
SAVPL:	Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plaaslike Regering
SBD:	Senior Bestuursdiens
SKBR:	Staatsdiens Koördinerende Bedingingsraad
SKIS:	Staatsdienskommunikasie Inligtingstelsel
SOE:	Spesiale Ondersoekeenheid
Statistiek SA:	Statistiek Suid-Afrika
TGMB	Tegniese Geïntegreerde Munisipale Betrokkenheid
TSS:	Thusong-satellietentrums
UNAIDS:	Die Verenigde Nasies se program oor MIV en vigs
UOWP:	Uitgebreide Openbare Werkeprogram
URMT:	Uitgaweraamwerk vir mediumtermyn
VBD:	Verbeteringsplan vir dienslewering
VGO:	Veiligheid, Gesondheid en Omgewing
VKB:	Voorsieningskettingbestuur
VMO:	Vrygestelde Mikro-onderneming
WA:	Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995)
WBAG:	Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet 3 van 2000)
WBP:	Werknemersbystandsprogram
WBTI:	Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000)
WG:	Werknemergesondheid
WKGWP	Wes-Kaapse Geïntegreerde Werkplan
WKMB:	Wes-Kaapse Monitoring en -beoordelingstelsel
WKR:	Wes-Kaapse Regering
WMEB:	Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 (Wet 6 van 2004)
WMS:	Wet op Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) WNOB:
WNOB:	Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998)
WOFB:	Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003)
WP:	Welstandsprogram
WVF:	Werkloosheidsversekeringsfonds
WVI:	Wet op Verdeling van Inkomste
WVP:	Werkplek Vaardigheidsplan

3. MINISTER SE VOORWOORD

Die jaar 2020 is wêreldwyd van historiese belang. Die COVID-19 het dwarsoor die wêreld versprei en alles tot stilstand gebring en in 'n poging om die verspreiding van die virus te beperk, het Suid-Afrika verskeie lande se instelling van staatsinperking gevolg. Sedert Maart 2020 het die risiko-aangepaste strategie wat deur die nasionale regering toegepas is, daartoe gelei dat die land teen middel Desember 2020 van Waarskuwingsvlak 5 na vlak 1 en weer terug na 'n Aangepaste vlak 3 van die inperking beweeg het. Die doel van hierdie benadering was om geleidelike verligting aan die ekonomie te bied, terwyl dit die verspreiding van die virus beperk. Soos verwag, het die geleidelike verswakking van die ekonomie 'n groot uitwerking op alle sektore van die Suid-Afrikaanse ekonomie gehad. In reaksie hierop moes die regering op alle gebiede sy prioriteite aanpas en begrotingsbesnoeiings instel om die realiteite wat die verwoesting van die pandemie op die ekonomie en die burgers van die land meegebring het, te hanteer.

Om die verwoestende sosiale en ekonomiese uitwerking van die pandemie te bekamp, het die Wes-Kaapse Regering 'n herstelplan met drie belangrike prioriteite ingestel.

- Om 'n bemagtigende omgewing vir werkskepping en groei in werkgeleenthede, veral onder ons werklose jeug, te skep;
- Om 'n veiliger en deernisvolle Provinsie te skep; en
- Om die menswaardigheid en welstand van ons burgers te verseker.

Ons het 'n deurslaggewende rol gespeel vir munisipale samewerking om die herstelplan op distriksvlak verder uit te brei. In die Overbergstreek, byvoorbeeld, is die spoorlyninfrastruktuur van Somerset-Wes na Grabouw verbeter; daar is begin om 'n vrugtestoor in 'n goedereterminaal te omskep, en die projek vir die Vermindering van Rompslomp is suksesvol in alle munisipaliteite afgehandel. 'n Ekonomiese Herstelplan is vir die Sentraal-Karoostreek ontwikkel en ingestel met die klem op die ekonomie en om werkskepping na die pandemie te stimuleer, en voorkeur te gee aan die ontwikkeling en instelling van die Droogteherstel Aksieplan wat watersekuriteit vir die streek verseker.

Om dienslewering te bespoedig het Menslike Nedersettings in vennootskap met die Tuinroete Distriksmunisipaliteit getree en 'n beleggings-



Mnr AW Bredell

prospektus is ontwikkel wat katalitiese programme en projekte volgens plaaslike munisipaliteit aandui. Die Kaapse Wynland Distriksverstedelikingsgids en monitering van projekvereistes vir die Mega-Menslike Nedersettingsprojek en die Werkloosheidsplan vir die distrik is aan die gang. Om inklusiewe ekonomiese groei in die Weskusstreek te bevorder sal die volgende nagestreef word: herlewing van die spoorwegbedryf om uitvoer van goedere, mobiliteit vir plaaslike gemeenskappe en toerisme te verbeter; ontwikkeling van strategieë om toerisme in die distrik te bevorder sowel as om strategieë te ontwikkel om toerisme as 'n katalisator vir ekonomiese transformasie te gebruik; en om vennootskappe tussen jong boere en kommersiële boere te bemiddel.

Deur middel van die Rampbestuursentrum was my Departement aan die voorpunt van die pandemie en werk dag en nag ononderbroke saam met vennote in die Gesondheid-, Besigheid-, Vervoer-, Sosiale-, Onderwys- en Kommunikasiesektore om die uitwerking van die COVID-19 op kort-, medium- en langtermyn te verminder en te beperk.

Ter voorbereiding vir die plaaslike regerings-verkiesings het die Departement met die Munisipale



Afbakeningsraad (MDB) saamgewerk om insette en besware met betrekking tot munisipale wyksgrense te oorweeg wat tot die publikasie van die finale Wykbedelingraad vir Munisipaliteite in die Provinsie gelei het. Dit stel die Departement in staat om met die wysiging van die Vestigingskennisgewings van Munisipaliteite, wat 'n voorloper is van die plaaslike verkiesing, te begin.

Om lewens te spaar en infrastruktuur te bereedder, het die Departement voortgegaan om distriksmunisipaliteite met lugbrandbestryding te ondersteun. Die Wes-Kaap het gedurende die verslagjaar talle brande oor die hele Provinsie ondervind, waarvan die brand in Franschhoek in die Kaapse Wynland Munisipale Distriksgebied noemenswaardig was. Die brand wat in Februarie 2021 ontstaan het, het vir meer as 'n week voortgeduur en deur drie munisipaliteite versprei, waaronder die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit, die Overberg Distriksmunisipaliteit, CapeNature en die Stad Kaapstad. Meer as 13 600 hektaar is vernietig. Ons dank aan die brandweer- en nooddienswerkers wat ondanks die ongunstige toestande met dapper toewyding die brande aangepak het.

Ten slotte is dit bemoedigend om daarop te let dat munisipaliteite in die Provinsie, in vergelyking met munisipaliteite deur die land, steeds goed presteer. Dit blyk uit die verslag wat deur Ratings Afrika vrygestel is. Volgens die verslag deur die Munisipale Finansiële Stabieleiteitsindeks is die munisipaliteite wat die beste presteer in die Wes-Kaap. Slegs vyf (5) munisipaliteite in die land het bo sewentig (70) behaal, waarvan vier (4) van die vyf (5) in die Wes-Kaap is. Hierdie nuus getuig dat ons op die regte pad is. Dit dui geensins daarop dat daar geen uitdagings in die munisipaliteite is nie; my Departement werk steeds ywerig saam met alle munisipaliteite om te verseker dat daar voortdurende verbetering van bestuur is.

Mnr AW Bredell
Minister van Plaaslike Regering,
Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning

4. VERSLAG VAN DIE REKENINGKUNDIGE BEAMPTTE

Die Departement van Plaaslike Regering moes gedurende die boekjaar 2020/21, in ooreestemming met die COVID-19-regulasies, asook omsendbriewe van beide die Staatsdiensdepartement en Administrasie en die Provinsie, vernuwend werkswyse aanvaar om te verseker dat die bepaalde doelwitte in die Jaarlikse Prestasieplan bereik word. Hierdie is dus 'n verslag van die Departement se prestasie gedurende die boekjaar 2020/21, waarin 88% doelwitte bereik is, 10% gedeeltelik bereik is met 2% van die beplande doelwitte wat nie bereik is nie. Die Departement het 'n onvoorwaardelike ouditmening met geen bevindings ontvang; dit is die agtste agtereenvolgende jaar dat die Departement 'n onvoorwaardelike ouditmening ontvang. Ek bedank my kollegas op alle vlakke, aangesien hul harde werk en toewyding verseker dat die Departement die waardes van goeie bestuur en verbeterde dienslewering ten bate van ons burgers voorstaan.

Die pandemie het nie net 'n verwoestende uitwerking op inwoners van die Provinsie se gesondheid gehad nie, maar het ook 'n ernstige tol geëis op die sosio-ekonomiese toestande en lewensbestaan van ons gemeenskappe. Die instelling van verskillende inperkingvlakke sedert Maart 2020 as 'n reaksie op die toename in infeksies, het die uitdagings wat baie mense in ons samelewing in die gesig staar, verder benadruk. Voedselsekerheid was 'n duidelike aanduiding van hierdie werklikheid, aangesien mense se bewegings grootliks aan bande gelê is wat die voortbestaan van baie informele werkers wat nie op 'n afstand kon werk of handel dryf nie, beïnvloed het. Dit het tot gevolg gehad dat munisipaliteite, wat leiding moet gee, ekstra verantwoordelikheid moes neem om skuilings vir haweloses op te rig en te verseker dat ons voedselsekerheid bied; kwarantyn- en isolasieterreine oprig; ontsmetting van openbare ruimtes verseker, sowel as die verskaffing van persoonlike beskermingstoerusting en die bykomende koste van verdragings tydens konstruksie gedurende die grendeltydperk. Die Departement moes in reaksie op die pandemie, sy begroting gedurende die boekjaar 2020/21 herbepaal. 'n Bedrag van R16,2 miljoen is, byvoorbeeld, na munisipaliteite oorgeplaas om humanitêre hulp te verleen om munisipaliteite se pogings om die voedselsekerheidsprogramme in te stel, verder uit te brei.



Mnr G Paulse

Boonop het ekonomiese ontberings wat deur die pandemie veroorsaak is, tot 'n aansienlike verlies aan inkomste vir verskeie munisipaliteite gelei, met die verdere moontlikheid om munisipaliteite se kontantvloei op die onmiddellike en langtermyn te beïnvloed. Die Departement het in samewerking met die Hanns Seidel-stigting die Universiteit van Stellenbosch opdrag gegee om 'n finansiële en operasionele volhoubaarheidsmodel vir munisipaliteite te ontwerp. Die model sal help om alternatiewe inkomstestrome te bepaal, asook 'n versameling van dienste en 'n minimum vlak van dienste wat munisipaliteite aan gemeenskappe moet lewer.

Die aanvaarding van die Gesamentlike Distriks- en Metrobenadering in die Provinsie het die manier waarop die Provinsie funksioneer, fundamenteel verander. As gevolg van die positiewe uitkomstes van projekte wat deur hierdie benadering in verskeie distrikte ingestel is, is die metodiek in reaksie op die COVID-19 toegepas terwyl daar oor die Wes-Kaapse Herstelplan verslag gedoen is. Die Departement het 'n belangrike rol gespeel om die Brandpuntstrategie te, 'n geografiese reaksie op die COVID-19, te bemiddel en het daarmee samewerking tussen die provinsiale regering en munisipaliteite versterk om verslagdoening aan die uitgebreide Provinsiale Kabinet te vereenvoudig.



Gedurende die verslagjaar het die Departement munisipale ondersoeke vooropgestel, en met die oog hierop is die Munisipale Forensiese Eenheid ingestel. 'n Organiserings ontwerpproses is begin om die interne vermoë om ondersoeke in munisipaliteite te doen, te versterk. Verskeie beoordelings van bewerings van bedrog, korrupsie en wanadministrasie is uitgevoer en waar van toepassing, is munisipale dissiplinêre prosesse begin en kriminele sake geopen op grond van die bevindings en aanbevelings.

Ondanks bestuursuitdagings wat in sommige munisipaliteite bepaal is, dui die uitkomst van die munisipale audit 2019/20 op 'n verbetering, aangesien 18 uit 30 munisipaliteite onvoorwaardelike auditmenings sonder bevindings ontvang het, terwyl nege (9) munisipaliteite onvoorwaardelike menings met bevindings ontvang het.

Departementele Inkomste

	2020/2021			2019/2020		
	Beraming	Werklike bedrag ingesamel	Oor-/ onder-insameling	Beraming	Werklike bedrag ingesamel	Oor-/ onder-insameling
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Verkoop van goedere en dienste bo en behalwe kapitaalbates	92	115	(23)	87	110	(23)
Oordragte ontvang	-	-	-	-	-	-
Boetes, strawwe en verbeurings	-	-	-	-	-	-
Rente, dividende en huur van grond	-	-	-	-	-	-
Verkope van kapitaalbates	-	-	-	-	-	-
Finansiële transaksies in bates en laste	17	392	(375)	16	4 195	(4 179)
Totaal	109	507	(398)	103	4 305	(4 202)

Departementele Uitgawes

Departement van Plaaslike Regering	2020/21			2019/20		
	Finale toewysing R'000	Werklike uitgawes R'000	Oor-/ onder-uitgawes R'000	Finale toewysing R'000	Werklike uitgawes R'000	Oor-/ onder-uitgawes R'000
Program 1: Administrasie	52 545	51 754	791	48 257	47 027	1 230
Program 2: Plaaslike Bestuur	148 029	144 283	3 746	148 339	147 211	1 128
Program 3: Ontwikkeling en Beplanning	83 104	83 104	-	122 698	119 511	3 187
Program 4: Tradisionele Instutisionele Bestuur	1	-	1	1	-	1
Toelaag totaal	283 679	279 141	4 538	319 295	313 749	5 546

UITGAWE-TENDENSE

Die finale krediet vir die Departement van Plaaslike Regering (DPR) op 31 Maart 2021 beloop R283 679 miljoen en die uitgawes wat DPR aangegaan het, R279 141 miljoen. Dit is 'n onderbesteding van R4,538 miljoen ten opsigte van die volgende:

- Vergoeding van werknemers (VvW) weens vertraging en uitdagings om die kapasiteit uit toegewysde fondse te vul en bedankings van amptenare in die Departement;
- Goedere en dienste (G&D) hou verband met inligtingstechnologie-toerusting (IT) wat gedurende 2020/21 aangeskaf is, maar die verskaffer kon nie die produk teen 31 Maart 2021 lewer nie. 'n Oordragaansoek is by die Provinsiale Tesourie (PT) ingedien om die toewysing tydens die 2021/22 boekjaar na te kom;
- Oordragte en subsidies van R3,625 miljoen soos gepubliseer in die Staatskoerant nommer 8358 van 26 November 2020 "Wes-Kaapse Munisipale Ingrypingstoelaag" vir Kannaland Plaaslike Munisipaliteit. Weens die heersende onstabiliteit in Kannaland Plaaslike Munisipaliteit het die Departement die oordrag van befondsing ingevolge die Ingrypingstoelaag weerhou omdat dit nie die beoogde uitwerking in die huidige milieu sal oplewer nie; en
- Betaling van kapitaalbates is aankoop van die IT-toerusting en klanktoerusting om die negende verdieping in Waldorfgebou gedurende 2020/21 te verbeter, maar die verskaffer kon nie teen 31 Maart 2021 die dienste lewer nie. 'n Oordragaansoek is by die PT ingedien om die toewysing gedurende die boekjaar 2021/22 te finansier.

VIREMENTE / OORDRAGTE

Die DPR het interne viremente van besparings veral op die volgende toegepas:

- Program 1: aanvullende fondse toegewys vir bewusmakingsveldtogte rakende die COVID-19, verantwoordelike waterverbruik en voorkoming van verdrinking in die Provinsie;
- Program 1: aanvullende fondse toegewys vir opknapping van die 9de verdieping van die Waldorfgebou;

- Program 3: om Werknemervergoeding (VvW) te verhoog weens 'n uitstaande salariseis wat van die Departement van Premier ontvang is;
- Program 3: addisionele fondse wat aan lugbrandbestryding toegewys word om voldoende optrede vir die res van die seisoen te handhaaf en om veranderlike uitgawes te dek, naamlik uurlikse vliegstokke.

Die viremente is volgens die riglyne van die Provinsiale Tesourie gedoen.

VOORSIENINGSKETINGBESTUUR

- **Dui aan of Voorsieningskettingbestuur-prosesse en -stelsels gereed is om onreëlmatige uitgawes te voorkom**
Ja, stelsels is gereed.
- **Uitdagings in VKB ondervind en hoe dit opgelos is**
Geen uitdagings is gedurende die verslagjaar ondervind nie.
- **Maak 'n lys van alle ongevraagde tendervoorstelle wat vir die verslagjaar afgehandel is**
Geen.
- **Geskenke en skenkings van nieverwante partye ontvang**
Geen.
- **Vrystellings en afwykings van die Nasionale Tesourie ontvang**
Geen vrystelling van die WOFB of TR of afwyking van finansiële verslagdoeningsvereistes wat vir die huidige en/of vorige boekjaar ontvang is, kan aangemeld word nie.
- **Gebeurtenisse na die verslagdatum**
Geen gebeure na die verslagdoeningsdatum kan aangemeld word nie.
- **Sluit 'n beraming in van die finansiële uitwerking van die daaropvolgende nie-aanpassingsgebeurtenisse of 'n verklaring dat so 'n beraming nie gemaak kan word nie**
N/V/T



5. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN BEVESTIGING VAN AKKURAATHEID VAN DIE JAARVERSLAG

Volgens my kennis en oortuiging bevestig ek die volgende:

Alle inligting en bedrae wat in die jaarverslag bekend gemaak word, is konsekwent.

Die jaarverslag is volledig, akkuraat en bevat geen weglatings nie.

- Die jaarverslag is in ooreenstemming met die riglyne vir die jaarverslag soos uitgereik deur die Nasionale Tesourie opgestel.
- Die Finansiële Jaarstate (Deel E) is in ooreenstemming met die gewysigde kontantstandaard en die toepaslike raamwerke en riglyne opgestel wat deur die Nasionale Tesourie uitgereik is.
- Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik om die finansiële jaarstate op te stel en vir die uitsprake wat in hierdie inligting gemaak is.
- Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir 'n interne beheerstelsel wat ontwerp is om redelike sekerheid te gee oor die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, inligting oor menslike hulpbronne en die finansiële jaarstate, en dit uit te voer.
- Die eksterne ouditeure word betrek om 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate uit te spreek.

Die jaarverslag is na my mening 'n redelike weerspieëling van die bedrywighede, prestasie-inligting, inligting oor menslike hulpbronne en die finansiële aangeleenthede van die Departement vir die boekjaar wat op 31 Maart 2021 geëindig het.

Die uwe

Mnr Graham Paulse
Rekenpligtige Beampte
Departement van Plaaslike Regering

6. STRATEGIESE OORSIG

6.1 VISIE

'n Doeltreffende en dinamiese span wat goed-bestuurde munisipaliteite in staat stel om op 'n responsiewe, volhoubare en geïntegreerde manier dienste aan gemeenskappe te lewer.

6.2 MISSIE

Om munisipaliteite te monitor, te koördineer en te ondersteun om hul ontwikkelingsmandaat doeltreffend uit te voer en dienslewering en rampbestendigheid te bemiddel deur kontak met regeringsfere en maatskaplike vennote.

6.3 WAARDES

Die Departement se waardes is dieselfde as die ses provinsiale waardes, naamlik:

- Besorgdheid,
- Bekwaamheid,
- Aanspreeklikheid,
- Integriteit,
- Responsiwiteit, en
- Vernuwing.

6.4 WETGEWENDE EN ANDER MANDATE

6.4.1 Grondwetlike Mandate

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996) voorsien die nasionale oorkoepelende raamwerk van funksies vir alle staatsdepartemente in Suid-Afrika. Hoofstuk 7 gee 'n uiteensetting van die doelwitte en mandate ten opsigte van plaaslike regering. Die volgende mandate vir die Departement kan hieruit getrek word:

- Om munisipaliteite in ooreenstemming met nasionale wetgewing te vestig;
- Om munisipaliteite se kapasiteit te ondersteun en te versterk;
- Om die prestasie van munisipaliteite te reguleer volgens hul funksies wat in bylae 4 en 5 van die Grondwet aangedui word;
- Om in te gryp waar wetgewende, uitvoerende of finansiële verpligtinge nie nagekom word nie; en
- Om die ontwikkeling van plaaslike regering te bevorder.



6.4.2 Wetgewende Mandate

Die Witskrif vir Plaaslike Regering (1998) en die daaropvolgende pakket met verwante wetgewing (hieronder uiteengesit) bied die nasionale konteks vir plaaslike bestuur regoor die land.

Nr	Wetgewing	Mandaat
A	Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Afbakening, 1998 (Wet 27 van 1998)	Hierdie Wet maak voorsiening vir kriteria en prosedures om munisipale grense deur 'n onafhanklike instansie te bepaal.
B	Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998)	Hierdie Wet maak voorsiening vir - stigting van munisipaliteite in ooreenstemming met die vereistes vir kategorieë en soorte munisipaliteite; - die bepaling van kriteria om die kategorie munisipaliteit te bepaal wat in die gebied gevestig moet word; 'n omskrywing van die soort munisipaliteit wat in elke kategorie gestig kan word; 'n gepaste verdeling van funksies en bevoegdhede tussen kategorieë van munisipaliteite; en - die regulering van interne stelsels, strukture en ampsdraers van munisipaliteite.
C	Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000)	Hierdie Wet maak voorsiening vir - die bepaling van die belangrikste beginsels, meganismes en metodes wat nodig is om munisipaliteite in staat te stel om geleidelik die sosiale en ekonomiese opheffing van plaaslike gemeenskappe teweeg te bring; - om universele toegang tot noodsaaklike dienste wat vir almal bekostigbaar is te verseker; - die bepaling van die wetlike aard van 'n munisipaliteit, insluitend die plaaslike gemeenskap in die munisipale gebied; - die bepaling van munisipale magte en funksies; - gemeenskapsdeelname; 'n bemagtigende raamwerk vir belangrike prosesse van beplanning, prestasiebestuur, hulpbronnemobilisering en organisatoriese verandering; 'n raamwerk vir plaaslike openbare administrasie en ontwikkeling van menslike hulpbronne; - bemagtiging van armes om te verseker dat munisipaliteite dienstariëwe en 'n kredietbeheerbeleid opstel wat hul behoeftes in ag neem; en - ondersoeke rakende bewerings van bedrog, wanadministrasie, korrupsie en/of versuim om statutêre verpligtinge op munisipale vlak na te kom
D	Plaaslike Regering: Wet op die Bestuur van Munisipale Finansies, 2003 (Wet 56 van 2003) (MFMA)	Hierdie Wet maak voorsiening vir - gesonde en volhoubare bestuur van munisipaliteite en ander instellings in die plaaslike regeringsfeer se finansiële sake; en - vasstelling van tesourienorme- en standaarde in die plaaslike regeringsfeer.

Nr	Wetgewing	Mandaat
E	Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 (Wet 6 van 2004) soos gewysig deur die Plaaslike Regering: Wysigingswet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2014 (Wet 29 van 2014)	Hierdie Wet maak voorsiening vir • gesonde en volhoubare bestuur van die finansiële sake van munisipaliteite; • die daarstelling van norme en standaarde waarteen die finansiële sake gemonitor en gemeet kan word; • kontrolering van munsipale gesag om belasting op 'n eiendom op te lê; • vrystelling van gradering van sekere eiendomme sodat munisipaliteite 'n deursigtige en regverdigde stelsel van vrystellings kan instel; • instelling van 'n korting deur middel van graderingsbeleide; • billike en gelykwaardige waardasiemetodes van eiendomme; en • 'n 'beswaar en appèl'-proses. Die Wysigingswet op die Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 2014, het op 1 Julie 2015 in werking getree. Die Wet het ten doel om voorsiening te maak vir die verskillende wysigings, invoegings en skrappings ten einde behoorlike verslagdoening, nakoming en toepassing van die prosesse en prosedures ingevolge die wet, te verbeter.
F	Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet 57 van 2002)	Hierdie Wet maak voorsiening vir • inskakeling en koördinering van die rampbestuurbeleid, wat fokus op die voorkoming of vermindering van ramprisiko's wat die erns van rampe verlig; • noodgereedheid, vinnige en doeltreffende reaksie op rampe en herstel na 'n ramp; • die vestiging van nasionale, provinsiale en munisipale rampbestuursentrums; • rampbestuur vrywilligers; en • verwante aangeleenthede.
G	Wysigingswet op Rampbestuur, 2015 (Wet 16 van 2015)	Hierdie Wet maak voorsiening vir • verduideliking van die beleidsfokus vir rehabilitasie en funksionering van rampbestuursentrums; • die ooreenstemming van die funksies van die Nasionale Rampbestuur Adviesforum om die Suid-Afrikaanse nasionale platform vir die vermindering van ramprisiko's in ag te neem; • die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, die Suid Afrikaanse Polisie en enige ander staatsinstansie om die rampbestuurstrukture by te staan; en • die versterking van die ramprisikoverslagstelsels ten einde die land se vermoë om moontlike rampe te bestuur, te verbeter.
H	Wet op Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge, 2005 (Wet 13 van 2005)	Die doel van hierdie Wet is • om 'n raamwerk vir die nasionale regering, provinsiale regerings en munisipaliteite te bepaal om inter-regeringsverhoudinge te bevorder en te bemiddel; en • om meganismes en prosedures te voorsien om hantering van inter-regeringsgeskille te vergemaklik.



Nr	Wetgewing	Mandaat
I	Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruik, 2013 (Wet 16 van 2013)	Hierdie Wet • maak voorsiening vir 'n raamwerk vir ruimtelike beplanning en om grondgebruik in die republiek te bestuur • omskryf die verhouding tussen ruimtelike beplanning en die stelsel vir grondgebruik en ander soorte beplanning • omskryf die inklusiewe, ontwikkelende, billike en doeltreffende ruimtelike beplanning in die verskillende regeringsfere • bied 'n raamwerk vir monitering, koördinering en hersiening van die stelsel vir ruimtelike beplanning en grondgebruik • bied 'n raamwerk vir beleide, beginsels, norme en standaarde vir ruimtelike ontwikkelingsbeplanning en bestuur van grondgebruik • spreek ruimtelike en regulatoriese wanbalanse van die verlede aan • bevorder groter konsekwenheid en eenvormigheid vir aansoekprosedures en besluitneming deur owerhede wat verantwoordelik is vir besluite oor grondgebruik en ontwikkelingsaansoeke • maak voorsiening vir totstandkoming, funksies en werking van Munisipale Beplanningstribunale • dui die fasilitering en handhawing van grondgebruik- en ontwikkelingsmaatreëls aan.

6.4.3 Ander Plaaslike Wetgewing

Benewens sy grondwetlike mandaat, word die plaaslike regering deur ander wetgewing gelei, naamlik:

- Wet op Brandweerdienste, 1987 (Wet 99 van 1987);
- Nasionale Wet op Veld- en Bosbrand, 1998 (Wet 101 van 1998);
- Ontwikkelingsfasiliteringswet, 1995 (Wet 65 van 1995);
- Wysigingswet op Plaaslike Regering, 2008 (Wet 19 van 2008);
- Wes-Kaapse Wet op Bepaling van Soorte Munisipaliteite, 2000 (Wet 9 van 2000);
- Wet op Vergoeding van Openbare Ampsdraers, 1998 (Wet 20 van 1998);
- Wes-Kaapse Wet op Voorregte en Immunitete van Raadslede, 2011 (Wet 2 van 2011);
- Verbruikersbeskermingswet, 2008 (Wet 68 van 2008); en
- Wes-Kaapse Wet op Monitering en Ondersteuning van Munisipaliteite, 2014 (Wet 4 van 2014).

6.4.4 Transversale Wetgewing

'n Reeks transversale administratiewe vereistes beïnvloed die werk van die Departement in al sy verskillende funksies, naamlik:

- Staatsdienswet, 1994 (Wet 103 van 1994) en Staatsdiensregulasies van 2000;
- Wet op die Bestuur van Openbare Finansies, 1999 (Wet 1 van 1999) en die Nasionale Tesourieregulasies;
- Wet op die Jaarlikse Inkomstedeling;
- Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998);
- Wet op Vaardigheidsheffing, 1999 (Wet 9 van 1999);
- Wet op Billike Indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998);
- Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995);
- Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997);
- Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993);
- Munisipale Verkiesingswet 2000, (Wet 27 van 2000);

- Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting 2000, (Wet 2 van 2000);
- Wet op die Bevordering van Gelykheid en die Voorkoming van Onbillike Diskriminasie, 2000 (Wet 4 van 2000);
- Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet 3 van 2000);
- Wet op die Nasionale Argief en Rekorddiens van Suid-Afrika, 1996 (Wet 43 van 1996); en
- Wet op Provinsiale Argief en Rekords van die Wes-Kaap, 2005 (Wet 3 van 2005).

6.4.5 Beleidsmandate vir Plaaslike Regering

Die volgende bied die beleidsraamwerk vir plaaslike regering:

- Witskrif vir Plaaslike Regering, 1998;
- Nasionale Omkeerstrategie vir Plaaslike Regering, 2009;
- Plaaslike Regering Anti-korrupsiestrategie, 2006;
- Gratis Basiese Diensbeleid, 2000/01;
- Nasionale Raamwerk vir Openbare Deelname, 2007; en
- Nasionale Hervaslegging van die Grondbeginselstrategie, 2014


6.4.6 Ander Beleidsmandate

Die taak van die plaaslike regering word ook deur die volgende beleidsmandate beïnvloed:

- Instelling van die Gesamentlike Distriks- en metrobenadering;
- Nasionale Ontwikkelingsplan (Visie 2030);
- Nasionale Vaardigheidsontwikkelingsplan, 2030;
- Wes-Kaap: Visie-geïnspireerde Prioriteite;
- Wes-Kaapse Rampbestuurraamwerk, 2010;
- Batho Pele-beginsels;
- Beleidsraamwerk vir Regeringswye Monitering en Beoordelingstelsel, 2007;
- Suid-Afrikaanse Raamwerk vir Statistiese Gehalteversekering, 2007;
- Nasionale Ruimtelike Ontwikkelingsperspektief, 2002;
- Provinsiale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk, 2014; en
- Nasionale Rampbestuurraamwerk, 2005.



6.5 ORGANISATORIESE STRUKTUUR



DEEL B: PRESTASIE- INLIGTING



Prestasie-inligting



1. OUDITEUR-GENERAAL SE VERSLAG: VOORAFBEPAALENDE DOELWITTE

Die Ouditeur-generaal het geen wesenlike bevindings oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van die inligting vervat in die Jaarlikse Prestasieverlag aangemeld nie (sien deel E: bladsye 134 tot 136).

2. OORSIG VAN DEPARTEMENTELE PRESTASIES

2.1 Diensleweringomgewing

Fasilitering van medebeplanning, medebegroting en mede-instelling deur die Gesamentlike Distriks- en Metrobenadering van die Provinsie

Die spanne van die Gesamentlike Distriks- en Metrobenadering (GDMB) het voor die COVID-19-pandemie gereeld vergader en distrikinstillingsplanne (wat medium- en langtermynprojekte bevat) ontwikkel deur die vyf distrik-koördineringsforums (DKF's) as bestuurstrukture te gebruik. Dit het beide samewerking en -infrastruktuurprojekte ingesluit wat ingelig is deur 'n proses van medebeplanning, medebegroting en mede-instelling. Die Provinsie het belangrike lesse oor koördinerings deur middel van die GDMB geleer wat die volgende behels:

- Nuwe werkswyse: sektordepartemente wat oor aktiwiteite in 'n gebied deur middel van die GDMB-spanne kommunikeer en die beginsel van medebeplanning toepas om provinsiale en nasionale beplannings en -begrotingsprosesse te beïnvloed;
- Nasionale en provinsiale verteenwoordigers tree as ambassadeurs en probleemoplossers op om hindernisse vir dienslewering aan te spreek;
- Die Distriksburgemeester tree as voorstaander vir die model op: bestuur aktiewe deelname van Burgemeesters en Distriksmunisipale Bestuurder om ondersteuning van plaaslike munisipaliteite te verseker;

Met die uitbreek van die COVID-19-pandemie, is die distriks-JDMA-strukture (DKF's Tegnieke Komitees) "geaktiveer" om leiding te neem om die pandemie te bestuur en om die Brandpuntstrategie in te stel en met behulp van die GDMB en Algehele Regerings/Gemeenskapsbenadering te bestuur. Brandpunt-koördineringspanne is op 'n distriks en -subdistriksvlak gestig om te help om die brandpunt te koördineer. Provinsiale Ministers en Departementshoofde is aan elke distrik en die vier metro-subdistrikte toegeken om koördinerings en bestuur van die pandemie te verbeter. Die waardevolle lesse wat geleer is deur saam te werk om die JDMA-strukture te aktiveer en die instelling van die Provinsiale Brandpunt-strategie, het bygedra tot die instelling van die drie provinsiale prioriteite wat daarop gemik is om volhoubare werksgeleenthede, veiligheid en welstand te bied. Dit is die grondslag van die Wes-Kaapse Herstelplan wat deur die provinsiale en plaaslike regeringsfere ingestel word.

Verbetering van kapasiteit en ondersteuning aan munisipaliteite as 'n hulpmiddel om Goeie Bestuur te handhaaf

Die munisipale raad speel 'n belangrike rol om dienslewering in 'n munisipaliteit te verseker. Dit is die Departement se verantwoordelikheid om toe te sien dat raadslede bekwaam is en hul rolle en verantwoordelikhede volgens die relevante voorskrifte kan nakom, en die beginsels van goeie bestuur volgens die voorgeskryde maatreëls handhaaf.

Die individu se waardes speel 'n belangrike rol in die uitvoering van hul pligte. In 2020 is 'n Seisoenale Skool vir Raadslede in samewerking met die Hanns Seidelstigting en die Universiteit van Stellenbosch gehou, wat voortbou op die Somerskool se tema van die 2019-boekjaar. Dit is ontwerp om die volgende vraag te antwoord: "Watter hindernisse verhoed dat die belangrike beginsels van die Grondwet en die relevante wetgewing, beleide en prosedures en die doeltreffende instelling daarvan nagekom word?" Die skool is in elke distriksmunisipaliteit aangebied en is deur 128 raadslede bygewoon.

Die Departement speel 'n toesighoudende rol om die Munisipale Wet op Munisipale Rente (WMEB) in te stel en het vir die vierde agtereenvolgende boekjaar lof van die Nasionale Departement van Samewerkende Regering hiervoor ontvang. Gereelde monitering van nakoming en die ondersteuning van die Departement om die WMEB in te stel het 'n positiewe bygedrae

gelewer tot die ondersteuning van al 25 munisipaliteite wat aan die WMEB in die Wes-Kaap moet voldoen.

Die Departement het die Universiteit van Wes-Kaapland aangestel om, in samewerking met die Hanns Seidel-stigting, ter voorbereiding vir na die plaaslike regeringsverkiesings van 2021, opleidingsprogramme vir raadslede te beoordeel. Hierdie taak was daarop gemik om die sterk- en swakpunte van vorige ontwikkelingsprogramme vir raadslede te ontleed. Die navorsing is afgehandel en die aanbevelings sal die Departement help om 'n veelsydige kurrikulum vir raadslid-ontwikkelingsprogramme te ontwerp en ontwikkel.

Verskeie regsondersteuningsinisiatiewe, soos hersiening en wysiging van verordeninge, aanbieding van regsforumvergaderings met munisipale regsamptenare, gespesialiseerde opleiding van raadslede oor verskillende onderwerpe waaronder, onder meer, die MORK's, Rolle en Verantwoordelikhede en Gedragskodes is aangebied om die behoud van goeie munisipale bestuur in die Provinsie te verseker. Regsadvies en leiding oor die werwings- en keuringsproses vir aanstelling van senior bestuurders vir die finansiële tydperk word voortdurend deur die Departement aangebied om wetgewende voorskrifte in hierdie verband te bevorder en verseker.

Die Departement monitor deurlopend die funksionering van Munisipale Openbare Rekeningskomitees (MORK's) in munisipaliteite as deel van sy monitoring en ondersteunende mandaat en bepaal sodoende hul funksionaliteit, bevoegdheid en oefen sy toesighoudende funksies uit. Deur middel van sulke objektiewe beoordelings kan die Departement die vermoëns en leemtes van die MORK bepaal, sodat die mate van ondersteuning soos vereis deur die Munisipale Komitees vir Openbare Rekeninge, ontwikkel kan word.

Voorts het die Departement 'n aantal beoordelings van senior bestuur in munisipaliteite uitgevoer en verseker dat die toepaslike regulasies nagekom word, die werwings- en keuringsproses gereguleer word en, waar nodig, die vereistes van die toepaslike wetgewende voorskrifte afgedwing word om goeie bestuur en verantwoordbaarheid in munisipaliteite te handhaaf.

Hantering van bewerings van bedrog, korrupsie en wanadministrasie in munisipaliteite

Die huidige onstabielheid wat die plaaslike regering ondervind, is 'n direkte gevolg van die aantal aangemelde bewerings van bedrog, korrupsie en

wanadministrasie. Indien die Provinsiale Minister van mening was dat 'n munisipaliteit nie sy statutêre verpligting kon nakom nie, of dat wanadministrasie, bedrog, korrupsie of enige ander ernstige wanpraktyk plaasgevind het; of in 'n munisipaliteit voorkom, is onafhanklike forensiese ondersoekers aangewys om formele ondersoeke soos bepaal in artikel 106 van die Wet op Munisipale Stelsels op Plaaslike Regering (Wet No. 32 van 2 000) te doen. Die Departement het bepaal dat munisipale ondersoeke voorrang moet kry, en die munisipale forensiese eenheid is vir hierdie doel ingestel. 'n Organisatoriese ontwerpproses is begin om interne bevoegdheid te versterk om munisipale ondersoeke te doen. Beoordelings van bewerings van bedrog, korrupsie en wanadministrasie is gedoen en waar van toepassing, is munisipale dissiplinêre prosesse begin en kriminele sake op grond van die bevindings en aanbevelings is geopen.

Versterking van Dienslewering in munisipaliteite

(a) Volhoubare Infrastruktuurontwikkeling en Finansiële Fasiliteit (SIDAFF)

Die SIDAFF-program is opgestel om infrastruktuurbeplanning te verbeter en om 'n oplossing vir infrastruktuuruitdagings in die Wes-Kaap te bied. Die algemene doelwit van die program is om katalitiese projekte wat in munisipaliteite van die Wes-Kaap beplan word te bepaal en die voorbereiding van hierdie projekte deur middel van subsidies moontlik te maak.

(b) Aksieplan vir Droogte-reaksie (DRP)

Alhoewel die Departement as gevolg van die suksesvolle toepassing van die onderskeie planne vir droogteherstel 'n positiewe uitkoms eevaar, is daar steeds 'n behoefte om huidige en nuwe aksies in te stel om watersekuriteit vir die Groot Karoo te verseker.

(c) Verbetering van Burgerlike Samewerking

Die Departement het gedurende die verslagjaar, in samewerking met Beaufort-Wes Munisipaliteit, as deel van die versterking van die burgerlike samewerking, 'n uitreikprogram vir Murraysburg en Nelspoort se gemeenskappe gekoördineer. Die uitreik het burgerlike opvoeding behels, waar die publiek nie net ingelig is oor hul regte en verantwoordelikhede nie, maar ook inligting ontvang het oor hulle rol om munisipale besluitnemingsprosesse te beïnvloed, te verstaan en waarde daaraan te heg. As deel van hierdie projek het die Departement video's oor openbare deelname vertoon, wat gevolg is deur ernstige gesprekke oor moontlike regstellende aksies en ingrypings



om betekenisvolle gemeenskapsbetrokkenheid in Beaufort-Wes Munisipaliteit te versterk. Die interaktiewe sessies met gemeenskappe fokus op die volgende temas vir Burgerlike Opvoeding:

- **Wat is munisipale dienste?** (aandag word gevestig op die dienste wat munisipaliteite grondwetlik verplig is om te lewer, waar kry munisipaliteite geld vandaan om hierdie dienste te lewer, hoe bestee hulle die geld en waarom is dit so belangrik dat burgers vir hierdie dienste betaal);
- **Wat is 'n deelnemende burger?** (hoe plaaslike regering funksioneer. Om verantwoordelike burgers te wees en 'n land te skep wat aan burgers se behoeftes voldoen, moet hulle weet hoe die regering funksioneer en hoe hulle betrokke kan raak);
- **Wat is die rol van wykskomitees in 'n munisipaliteit?** (omskrywing van wykskomitees, asook die aard en funksies. Dit kyk ook na hoe wykskomitees gestig word en hoe tipiese lede daar uitsien); en
- **Wat is die rol van 'n munisipale wyksraadslid?** ('n omskrywing van die rol van die wyksraadslid en sy/haar verantwoordelikheid as verteenwoordiger van die inwoners in die wyk).

Die verspreiding van pamflette, megafoon-bemaking en deur-tot-deur-mobilisering deur die gemeenskapsontwikkelingswerkers, het bygedra dat al vyf sessies goed ondersteun is deur gemeenskapslede. Drie sessies is in Murraysburg gehou wat tussen 75-80 gemeenskapslede per sessie gelok het, terwyl tussen 60-70 persone per sessie die twee sessies in Nelspoort bygewoon het. As gevolg van die sukses van die sessies en op versoek van die Beaufort-Wes Munisipaliteit, sal die Departement die Burgerlike Opvoedingsprojek in ander gebiede bekendstel. Die munisipaliteit het onderneem om terselfdertyd die moontlikheid te ondersoek om die video's van Burgerlike Opvoeding op sy Facebook-bladsy en die Munisipale Webblad te laai, asook om dit op die plaaslike radiostasie uit te saai.

Boonop het die Departement, deur middel van die Thusong-program en in samewerking met distriksmunisipaliteite, die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO), Staatskommunikasie- en Inligtingstelsels en Nie-Regeringsorganisasies, 'n veiligheidsbewustheids-element by die Thusong-uitreikprogramme gevoeg deur verskillende programme in te stel vir Bewusmaking en voorkoming van Geslagsgebaseerde Geweld: Dit sluit in:

- Ondertekening van beloftes deur gemeenskapslede in alle plaaslike munisipale gebiede van die Weskus Distriksmunisipaliteit; en
- 'n Hulptoonbank in samewerking met die DMO en die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) om bewustheid en burgerbetrokkenheid rondom geslagsgeweld en die verskillende uitreikprogramme te skep waardeur meer as 2 000 burgers bereik is.

Oprigting van Thusong-satelliet-dienssentrums

Die Departement het nuwe benaderings vir die Thusong-program ondersoek om die uitwerking, volhoubaarheid en toeganklikheid te verbeter. Een van die benaderings om toegang tot gemeenskappe te verbeter is om satelliet-sentrums in bestaande munisipale geboue in te rig. Die Thusong-satelliet-sentrums (TSS) lewer dienste op 'n beplande basis, en in sommige gevalle kan departemente ook by die TSS gebaseer wees en toegang tot kwaliteit-inligting bied en sodoende dienste aan ons burgers vergemaklik. Ons het tot op hede met vier munisipaliteite saamgewerk om nuwe satelliet-sentrums in 2020/21 in Kranshoek, Lambertsbaai, De Doorns en Dysseisdorp te vestig. Die Departement het, in vennootskap met die Staatsdienskommunikasie Inligtingstelsel (SKIS), begin om handelsmerk- en bemarkingsmateriaal vir hierdie gebiede te skep.

Aktivering van die Rampbestuursentrum om die COVID-19-pandemie te koördineer

Tuinroete-distrik	Ondersteunings-toelaag van Plaaslike Regering	Ja	100	100	Fondse ten volle deur die munisipaliteit aan die einde van die boekjaar 2020/21 bestee.
George	Ondersteunings-toelaag van Plaaslike Regering	Ja	1 000	1 000	Fondse ten volle deur die munisipaliteit aan die einde van die boekjaar 2020/21 bestee.
Hessequa	Ondersteunings-toelaag van Plaaslike Regering	Ja	550	550	Fondse ten volle deur die munisipaliteit aan die einde van die boekjaar 2020/21 bestee.
Kannaland	Ondersteunings-toelaag van Plaaslike Regering	Ja	450	449	Fondse ten volle deur die munisipaliteit aan die einde van die boekjaar 2020/21 bestee.
Knysna	Ondersteunings-toelaag van Plaaslike Regering	Ja	550	550	Fondse ten volle deur die munisipaliteit aan die einde van die boekjaar 2020/21 bestee.

Naam van Ontvanger	Doel waarvoor die fondse aangewend is	Nakoming van s 38 (1) (j) van die WBOF	Bedrag oorgedra (R'000)	Bedrag deur die entiteit bestee	Redes vir onbestede fondse deur die entiteit
Laingsburg	Ondersteunings-toelaag van Plaaslike Regering	Ja	400	400	Fondse ten volle deur die munisipaliteit aan die einde van die boekjaar 2020/21 bestee.
Langeberg	Ondersteunings-toelaag van Plaaslike Regering	Ja	700	700	Fondse ten volle deur die munisipaliteit aan die einde van die boekjaar 2020/21 bestee.
Matzikama	Ondersteunings-toelaag van Plaaslike Regering	Ja	600	600	Fondse ten volle deur die munisipaliteit aan die einde van die boekjaar 2020/21 bestee.
Mosselbaai	Ondersteunings-toelaag van Plaaslike Regering	Ja	650	650	Fondse ten volle deur die munisipaliteit aan die einde van die boekjaar 2020/21 bestee.
Oudtshoorn	Ondersteunings-toelaag van Plaaslike Regering	Ja	550	550	Fondse ten volle deur die munisipaliteit aan die einde van die boekjaar 2020/21 bestee.
Overberg-distrik	Ondersteunings-toelaag van Plaaslike Regering	Ja	100	100	Fondse ten volle deur die munisipaliteit aan die einde van die boekjaar 2020/21 bestee.
Overstrand	Ondersteunings-toelaag van Plaaslike Regering	Ja	650	650	Fondse ten volle deur die munisipaliteit aan die einde van die boekjaar 2020/21 bestee.
Prins Albert	Ondersteunings-toelaag van Plaaslike Regering	Ja	400	400	Fondse ten volle deur die munisipaliteit aan die einde van die boekjaar 2020/21 bestee.
Saldanha	Ondersteunings-toelaag van Plaaslike Regering	Ja	700	-	Die aansoek vir oordrag van fondse was goedgekeur en die munisipaliteit sal die uitstaande fondse vir dieselfde doel gebruik.
Stellenbosch	Ondersteunings-toelaag van Plaaslike Regering	Ja	900	900	Fondse ten volle deur die munisipaliteit aan die einde van die boekjaar 2020/21 bestee.
Swartland	Ondersteunings-toelaag van Plaaslike Regering	Ja	850	850	Fondse ten volle deur die munisipaliteit aan die einde van die boekjaar 2020/21 bestee.



Naam van Ontvanger	Doel waarvoor die fondse aangewend is	Nakoming van s 38 (1) (j) van die WBOF	Bedrag oorgedra (R'000)	Bedrag deur die entiteit bestee	Redes vir onbestede fondse deur die entiteit
Swellendam	Ondersteunings-toelaag van Plaaslike Regering	Ja	500	500	Fondse ten volle deur die munisipaliteit aan die einde van die boekjaar 2020/21 bestee.
Theewaters-kloof	Ondersteunings-toelaag van Plaaslike Regering	Ja	800	800	Fondse ten volle deur die munisipaliteit aan die einde van die boekjaar 2020/21 bestee.
Weskus-distrik	Ondersteunings-toelaag van Plaaslike Regering	Ja	100	100	Fondse ten volle deur die munisipaliteit aan die einde van die boekjaar 2020/21 bestee.
Witzenberg	Ondersteunings-toelaag van Plaaslike Regering	Ja	800	302	Die aansoek vir oordrag van fondse was goedgekeur en die munisipaliteit sal die uitstaande fondse vir dieselfde doel gebruik.
Ander					
Departementele agentskappe en rekeninge	NSRI (Nasionale Seereddings-instituut)	Ja	380	380	n.v.t.
Departementele agentskappe en rekeninge	SAUK	Ja	3	3	n.v.t.
Nie-winsgewende instellings	WK Lewensredding	Ja	380	380	n.v.t.
Huishoudings	Verlof-gratifikasies	Ja	506	506	n.v.t.

4.4.3 Oordragte nie uitgevoer nie

Naam van Ontvanger	Soort organisasie	Doel waarvoor die fondse aangewend is	Bedrag begroot R'000	Bedrag oorgedra	Redes waarom fondse nie oorgedra is nie
Kannaland	Munisipale Organisasie	Wes-Kaapse Munisipale Ingrypings-toelae	3 625	-	Gegewe die huidige onstabiliteit in die Kannaland Munisipaliteit en voortgesette geskille teen die raad, het die Rekenpligtige Beamptes van die Departement van Plaaslike Regering en die Provinsiale Tesourie saamgestem dat die befondsing soos gepubliseer in in Gazette nommer 8358 van 26 November 2020, Wes-Kaapse Munisipale Ingrypingtoelaag, teruggehou word en nie aan Kannaland Munisipaliteit oorgedra word nie.



4.5 Voorwaardelike Toekenning en Geoormerkte fondse ontvang

Departement wat Toekenning oorgedra het	Provinsiale Tesourie
Doel van Toekenning	Om volgens artikel 139 van die Grondwet te help met sy ondersteuning ingrypings in munisipaliteite
Verwagte uitsette van die Toekenning	Bestuur ingrypings en Administrateur (Finansiële Herstel)
Ware uitsette bereik	Administrateur (Finansiële Herstel) het, waar moontlik, sy pligte uitgevoer om alle nodige stappe te neem om die behoorlike uitvoering van die Finansiële Herstelplan namens die Provinsiale Uitvoerende Gesag te verseker.
Bedrag per gewysigde WVI	N/V/T
Bedrag ontvang (R'000)	R4 925
Redes indien bedrag soos per WVI nie ontvang is nie	N/V/T
Bedrag deur Departement bestee (R'000)	R1 300
Redes vir nie-besteding van fondse	Gegewe die huidige onstabiliteit in die Kannaland Munisipaliteit en voortgesette geskille teen die raad, het die Rekenpligtige Beamptes van die Departemente van Plaaslike Regering en die Provinsiale Tesourie ingestem dat die befondsing wat in Gazette nommer 8358 van 26 November 2020 gepubliseer is, Wes-Kaapse Munisipale Ingrypingtoelaag teruggehou en nie oorgedra word na Kannaland Munisipaliteit nie.
Moniteringsmeganisme deur ontvangende departement	Weeklikse vorderingsverslae word voorberei en hersien. In gevalle waar opgemerk word dat die Munisipaliteit besluite geneem het wat die uitvoering van die Finansiële Herstelplan benadeel, moet gepaste stappe deur die Provinsiale Hoof aanbeveel word.

Departement wat Toekenning oorgedra het	Provinsiale Tesourie
Doel van Toekenning	Om die forensiese ondersoekteenheid te versterk
Verwagte uitsette van die Toekenning	Stel kontrakpersoneel aan om die kapasiteit van die forensiese ondersoekteenheid te vergroot.
Ware uitsette bereik	Vier Forensiese Ondersoekbeamptes is suksesvol op kontrak aangestel (2 Adjunkdirekteurs en 2 Assistentdirekteurs).
Bedrag per gewysigde WVI	N/V/T
Bedrag ontvang (R'000)	R166
Redes indien bedrag soos per WVI nie ontvang is nie	N/V/T
Bedrag deur Departement bestee (R'000)	R156
Redes vir nie-besteding van fondse	N/V/T
Moniteringsmeganisme deur ontvangende departement	Prestasieooreenkomste moet deur kontrakpersoneel onderteken word.

Departement wat Toekenning oorgedra het	Provinsiale Tesourie
Doel van Toekenning	Om tydige beplanning en instelling van ingrypings (beleid, pryse, infrastruktuur, ekosisteme, ens.) te verseker en om 'n geïntegreerde en gekoördineerde provinsiale reaksie op die uitwerking van die droogte te verseker.
Verwagte uitsette van die Toekenning	Begin met die ontwikkeling van die 15-jaar Wes-Kaapse Geïntegreerde Droogte- en waterreaksieplan.
Ware uitsette bereik	Die werk het in Augustus 2020 met 'n aanvangsfase begin om die doelwitte, take en lewerbarings van die plan te verduidelik en te bevestig en 'n gedetailleerde instellingsplan vir projekte op te stel. Die diensverskaffer het verder met al drie fases van die WCIDWRP begin waarvan verskeie lewerbares van fase 1 voltooi is. Die projek se algehele vordering staan op 45% wat in 8 van die beraamde 25 maande behaal is.
Bedrag per gewysigde WVI	N/V/T
Bedrag ontvang (R'000)	R2 500
Redes indien bedrag soos per WVI nie ontvang is nie	N/V/T
Bedrag deur Departement bestee (R'000)	R2 500
Redes vir nie-besteding van fondse	N/V/T
Moniteringsmeganisme deur ontvangende departement	Die projek word bestuur en gemonitor in ooreenstemming met die Diensvlakoooreenkoms wat tussen die aangestelde diensverskaffer en die Departement onderteken is. Dit sluit maandelikse vorderingsverslae sowel as gereelde projekbestuursvergaderings tussen die Departement en die diensverskaffer in. Hierdie inligting word vasgelê en opgeneem in die kwartaallikse toegewysde verslag wat by die Provinsiale Tesourie ingedien is.



Departement wat Toekenning oorgedra het	Provinsiale Tesourie
Doel van Toekenning	Om voorsiening te maak vir verbeterde rampgereedheid as gevolg van die toename in brandvoorvalle wat in die Provinsie ondervind word.
Verwagte uitsette van die Toekenning	Ondersteuning vir lugbrandbestryding aan munisipaliteite gedurende die brandseisoen.
Ware uitsette bereik	Ondersteuning vir lugbrandbestryding vanaf 1 Desember 2020-31 Maart 2021.
Bedrag per gewysigde WVI	N/V/T
Bedrag ontvang (R'000)	R10 357
Redes indien bedrag soos per WVI nie ontvang is nie	N/V/T
Bedrag deur Departement bestee (R'000)	R10 357
Redes vir nie-besteding van fondse	N/V/T
Moniteringsmeganisme deur ontvangende departement	Die Diensvlakooreenkoms tussen die DPR en die diensverskaffer is gereed. Monitering van alle uitgawes in ooreenstemming met die goedgekeurde begroting. Vliegtuiglogboeke ('n wettige lugvaartvereiste) word vergelyk met die sigblad en fakture voor die verwerking van betaling en daaglikse bywerking van die plasing van hulpbronne en beskikbaarheid tussen die DPR en die diensverskaffer. Boonop het die DPR kwartaalliks verslae in die voorgeskrewe formaat by die Provinsiale Tesourie oor die vordering ingedien. Tweeweklikse moniteringvergaderings tussen munisipaliteite, diensverskaffer en die DPR.

4.6 Voorwaardelike Toekenning en Toegewysde fondse betaal

Die Departement betaal nie voorwaardelike toelaes en toegewysde fondse nie.

4.7 Skenkerfondse

Geen skenkerfondse is in die oorsigjaar ontvang nie.

4.8 Kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuursplan

Die Departement beskik nie oor infrastruktuurprojekte nie.

DEEL C: BESTUUR



Bestuur



1. INLEIDING

Die Departement handhaaf steeds die hoogste bestuurstandaarde om te verseker dat openbare finansies en hulpbronne doeltreffend benut word. Die Departement het goeie bestuurstrukture soos Entiteitsrisikobestuur om te verseker dat staatshulpbronne effektief, doeltreffend en ekonomies benut word.

Die Rekenpligtige Beampte neem verantwoordelikheid om Entiteitsrisikobestuur (ORB) in ooreenstemming met die Nasionale Tesourie Openbare Sektor Risikobestuurraamwerk in te stel en die Direkoraat Entiteitsrisikobestuur (D: ORB) in die Departement van die Premier (DotP) bied 'n gesentraliseerde strategiese ondersteuningsdiens aan die Departement.

2. RISIKOBESTUUR

Die Departement het 'n Entiteitsrisikobestuurkomitee (ORBK) gestig om die rekenpligtige beampte (RB) by te staan om sy verantwoordelikhede rakende risikobestuur na te kom.

ORBK VERANTWOORDELIKHED

Die ORBK doen verslag dat hy sy verantwoordelikhede nagekom het uit hoofde van artikel 38 (1) (a) (i) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Tesourieregulasie 3.2.1 en Staatsdiensregulasies van 2016, Hoofstuk 2, Deel 1, 2 en 3. Die ORBK doen ook verslag dat hy 'n gepaste Formele Opdrag aanvaar het (goedgekeur deur die ORBK voorsitter op 25 Maart 2019) en sy sake in ooreenstemming met hierdie opdrag geregleer het en al sy verantwoordelikhede soos daarin vervat, nagekom het.

ORBK-LEDE

Die ORBK bestaan uit die RB, topbestuur en gekeurde lede van die Departement se bestuursplan. Volgens sy opdrag het die ORBK gedurende die verslagjaar vier keer (kwartaalliks) vergader. Elke vergadering is deur aangewese lede of 'n geskikte verteenwoordiger van die betrokke program bygewoon.

Die onderstaande tabel openbaar relevante inligting oor die ORBK-lede:

Naam	Posisie	Vergaderings bygewoon	Datum aangestel
Mnr G Paulse	Rekenpligtige Beampte (Voorsitter)	4	04/04/2016
Me B Sewlall-Singh	Hoof Finansiële Beampte en Risikokampioen	4	14/03/2017
Mnr A Dlwengu	Direkteur: Beleid en Strategiese Ondersteuning	4	14/03/2017
Me E Barnard	Hoofdirekteur: Munisipale Prestasiemonitering en -ondersteuning	4	14/03/2017
Me N Zamxaka	Hoofdirekteur: Geïntegreerde Dienslewering	4	14/03/2017
Mnr C Deiner	Hoofdirekteur: Rampbestuur en Brandweerdienste	4	14/03/2017

Die volgende is 'n aanduiding van ander amptenare wat die ORBK-vergaderings vir die verslagjaar bygewoon het:

Name	Position	Meetings Attended
Me A Haq	Direkteur: Entiteitsrisikobestuur (DotP)	3
Mnr D Micketts	Hoofrisiko-adviseur: Entiteitsrisikobestuur (DotP)	4
Me N Mabude	Assistentdirekteur: Entiteitsrisikobestuur (DotP)	4
Me B Cebekhulu	Adjunkdirekteur: Provinsiale Forensiese Dienste (DotP)	4
Me V Simpson-Murray	Direkteur: Interne Oudit (DotP)	4
Me Leone Arendse	Adjunkdirekteur: Interne Oudit (DotP)	3
Mnr L Naphakade	Sekuriteit en Beroepsgeesondheid en -Veiligheid (DLG)	4

BELANGRIKE ORBK-AKTIWITEITE

Die RB is die voorsitter van die ORBK, en die Hoof Finansiële Beampte is die Risikokampioen van die Departement. In die uitvoering van sy funksie het die ORBK die volgende belangrike take hanteer:

- Die Departement se Risikobestuurstrategie en Instellingsplan vir aanbeveling deur die Ouditkomitee en goedkeuring deur die RB hersien.
- Verslag gedoen oor Risiko-bewusmakings-inisiatiewe.
- Risiko's in sekere groepe kategorieë volgens die Provinsiale Ondernemingsrisikobestuursbeleid en -strategie (PORBPS) wat deur Provinsiale Topbestuur aanvaar is hersien en bepaal hoeveel risiko hanteer en absorbeer kan word.
- Aan die OO verslag gedoen oor enige wesenlike veranderinge aan die Departement se risikoprofiel.
- Bepaal en kategoriseer risiko's wat op die burgers gerig is. Dit is 'n aanduiding van die Departement se pogings om die bydraende faktore en uitwerking wat direk op die burger betrekking het, te hanteer.
- Risiko-inligting- en tendensverslae ingedien.
- Nuwe en/of risiko's wat mag opduik is bepaal.
- Die instelling van die Departementele Risiko-bestuursbeleid, Strategie en Instellingsplan beoordeel;
- Beoordeling van die doeltreffendheid en strategieë om verligting te bring deur die werklike etiese en ekonomiese misdaadrisko's te hanteer;
- Die Voorkoming van Bedrog en Korruptsieplan is hersien gepaardgaande met die Instellingsplan wat vir goedkeuring deur die Rekenpligtige Beampte aanbeveel is.
- Bespreek en ontvang terugvoer oor die IT-bestuurskwessies; en
- Terugvoer en toesig oor aangeleenthede rakende WBTI, Veiligheid en Sekuriteit en Beroepsgesondheid en -Veiligheid.

BELANGRIKE RISIKO'S GEDURENDE DIE JAAR OORWEEG EN BESPREEK

Die volgende belangrike strategiese risiko's vir die Departement is gedurende die jaar oorweeg en hersien, insluitend die beoordeling van die bestaande prosedure wat verligting bring:

- Die Departement is nie in staat om voort te gaan met bedrywighede in die geval van beduidende ontwigting of 'n ramp nie. Die Departement het 'n gedetailleerde herstelplan wat deurlopend bygewerk en indien nodig, ingestel word.

Elke program se risiko's is gedurende die jaar bespreek en oor gedebatteer en tydens die kwartaallike ORBK-vergaderings voorgelê. Senior bestuurders moes terugvoering gee oor die vordering van die instelling van aksieplanne om die waarskynlikheid van risiko's en/of die uitwerking daarvan te verminder. ORBK het ook risiko's terugverwys na risiko-eienaars vir meer breedvoerige ontleding en het verdere verligting of aksies aanbeveel om risiko's te bestuur.

Die Bestuur en Administrasie Ouditkomiteegroep het onafhanklike toesig van die Departement se Risikobestuurstelsel voorsien. Die Ouditkomitee het kwartaallike ORB-vorderingsverslae en -risikoregisters ontvang om hul onafhanklike toesighoudende rol uit te voer.

BELANGRIKSTE RISIKO'S VIR DIE VOLGENDE FINANSIËLE JAAR

Die Departement is deeglik bewus van veranderinge in die politieke klimaat en ander eksterne omstandighede gedurende verkiesingsjare en bestuur en monitor deurlopend die aanwysers en moontlike risiko's. So ook word die ekonomiese werklikhede en krimpande begroting versus maatskaplike behoeftes met arendsoë dopgehou.

AFSLUITING

Risikobestuur het 'n standaardaktiwiteit op die bestuurskalender van die Departement geword. As gevolg hiervan word versagtende aksies deel van die Departement se programme en word moontlike risiko's wat opduik onmiddellik bepaal en hanteer.



3. BEDROG EN KORRUPISIE

Bedrog en korrupsie is beduidende moontlike risiko's vir Departementele bates en kan doeltreffende dienslewering negatief beïnvloed en die Departement se reputasie skade aandoen.

Die WKR het 'n Strategie teen Bedrog en Korrupsie aanvaar as bevestiging van die Provinsie se houding van zero-verdraagsaamheid teenoor bedrog, diefstal en korrupsie. In ooreenstemming met hierdie strategie is die Departement daartoe verbind om geen verdraagsaamheid ten opsigte van korrupte, bedrieglike of ander kriminele aktiwiteite te duld nie, hetsy dit intern of ekstern is, en sal daarna streef om enige sodanige aktiwiteite en betrokke partye wettiglik te vervolg en aan te kla.

Die Departement het 'n goedgekeurde plan vir Voorkoming van Bedrog en Korrupsie en 'n gepaardgaande Instellingsplan wat uitvoering gee aan die Voorkomingsplan.

Daar bestaan verskillende kanale om bewerings van bedrog, diefstal en korrupsie aan te meld, en dit word breedvoerig in die Provinsiale Strategie vir Bedrog en Korrupsie, die WKR-oopvlekkeerbeleid en die Departementele Bedrog- en Korrupsievoorkomingsplan beskryf. Elke bewering wat deur die Provinsiale Forensiese Dienste-eenheid (PFS) ontvang word, word in 'n saakbestuurstelsel aangeteken wat as 'n bestuursinstrument gebruik word om verslag te doen oor vordering gemaak met sake wat verband hou met die Departement en om statistieke vir die WKR en die Departement op te stel.

Werknemers en werkers wat sake oopvlek op grond van vermoedens van bedrog, korrupsie en diefstal word beskerm indien die bekendmaking 'n

beskermde openbaarmaking is (d.w.s. voldoen aan die statutêre vereistes van die Wet op Beskermde Openbaarmakings, nr. 26 van 2000, bv. indien die bekendmaking ter goeder trou gedoen is). Die WKR-oopvlekkeerbeleid gee riglyne aan werknemers en werkers oor hoe om sake waaroor hulle besorg is, en hul redelike gronde het om te glo dat oortredings of onregmatighede gepleeg is of gepleeg word, by die toepaslike lynbestuur, spesifieke aangewese persone in die WKR of eksterne instellings aan te meld. Elke persoon wat bedrog, diefstal en korrupsie wil aanmeld, kry die geleentheid om anoniem te bly, en as hulle dit persoonlik doen, word hul identiteit vertroulik gehou deur die persoon aan wie hulle rapporteer.

Indien bedrog, diefstal of korrupsie na 'n ondersoek bevestig word, word die werknemer wat aan sodanige dade deelgeneem het, aan 'n tugverhoor onderwerp. Die WKR-vertegenwoordiger wat die dissiplinêre verrigtinge begin, moet die ontslag van die betrokke werknemer aanbeveel. Waar prima facie-getuienis van kriminele gedrag bepaal word, word 'n kriminele saak by die Suid-Afrikaanse Polisie diens aangemeld.

Vir die verslagjaar het die PFS 'n saakbewegings-sertifikaat vir die Departement uitgereik waarin die volgende aangedui is:

Gevalle	Aantal gevalle
Hangende sake op 1 April 2020	0
Nuwe sake (2020/21)	0
Geslote sake (2020/21)	0
Oop sake soos op 31 Maart 2021	0

4. INTERNE OUDIT- EN OUDITKOMITEES

Interne Oudit bied aan die bestuur onafhanklike, objektiewe versekering en konsultasiedienste wat ontwerp is om waarde toe te voeg en om voortdurend die werksaamhede van die Departement te verbeter. Dit moet die Departement help om sy doelwitte te bereik deur 'n sistematiese, gedissiplineerde benadering te volg om die doeltreffendheid van bestuur, risikobestuur en beheerprosesse te beoordeel en te verbeter. Die volgende belangrike aktiwiteite word in hierdie verband uitgevoer:

- Beoordeel en maak gepaste aanbevelings om die bestuursprosesse van die Departement te verbeter sodat hy sy doelwitte bereik;
- Beoordeel die toereikendheid en doeltreffendheid van die risikobestuursproses en help om dit te verbeter;
- Help die Rekenpligtige Beampte om doeltreffende en effektiewe beheermaatreëls te handhaaf om die doeltreffendheid en effektiwiteit van die maatreëls te beoordeel, en deur aanbevelings te maak om dit te verbeter of te versterk.

Die interne audit take wat gedurende die oorsigjaar vir die Departement voltooi is, het vier sekerheidsuitsprake (insluitend een transversale

verbintenis) en twee konsultasieverpligtinge (albei transversale verbintenisse) ingesluit. Besonderhede van hierdie uitsprake is in die verslag van die Ouditkomitee ingesluit.

Die Ouditkomitee is as 'n toesighoudende liggaam gevestig wat onafhanklike toesig hou oor bestuur, risikobestuur en beheerprosesse in die Departement. Dit behels toesig en hersiening van die volgende:

- Interne Ouditfunksie;
- Eksterne Ouditfunksie (Ouditeurgeneraal van Suid-Afrika - OGSA);
- Departementele Rekeningkunde en verslagdoening;
- Departementele Rekeningkundige Beleid;
- OGSA-bestuur en auditverslag;
- Departementele Monitoring gedurende die jaar;
- Departementele Risikobestuur;
- Interne Beheer;
- Voorafbepaalde Doelwitte;
- Etiese en Forensiese Ondersoeke.

Die onderstaande tabel openbaar relevante inligting van die Ouditkomitee:

Naam	Kwalifikasies	Intern of ekstern	Indien intern, pos in die Departement	Datum aangewys	Datum bedank	Aantal vergaderings bygewoon
Mnr Francois Barnard (Voorsitter)	BProk; Bcompt (Hons); CTA; Nagraadse Diploma Ouditkunde; MCom; CA (SA) MTP (SA)	Ekstern	N/V/T	01 Januarie 2019 (1 ^e termyn)	N/V/T	7
Me Merle Kinnes	BA; LLB; Hoërsertifikaat in Forensiese Navorsing; Prokureur van die Hooggeregshof	Ekstern	N/V/T	01 Januarie 2019 (1 ^e termyn)	N/V/T	7
Mnr Mohamed Yaseen Ismail	BCom, PGDA, Sertifikaat in Gevorderde Belasting, Sertifikaat in Forensiese en Ondersoekende Ouditkunde, CA (SA), RA (SA), CFE	Ekstern	N/V/T	01 Mei 2019 (2 ^e termyn)	30 Junie 2020	1
Mnr Andrew Davids	BCom; Professionele Nagraadse kwalifikasie: Bedryfsekretarieel en Bestuurspraktyk, ACG (CS)	Ekstern	N/V/T	01 Januarie 2020 (1 ^e termyn)	N/V/T	7
Me Crystal Abdoll	BCom; Bcompt (Hons); Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde; CA (SA); Nagraadse Diploma: Gesertifiseerde Interne Ouditkunde	Ekstern	N/V/T	01 Maart 2021 (1 ^e termyn)	N/V/T	2



5. OUDITKOMITEEVERSLAG

Ons lê graag ons verslag vir die boekjaar einde 31 Maart 2021 voor.

Ouditkomitee se Verantwoordelikheid

Die Ouditkomitee doen verslag dat hy sy verantwoordelikhede uit hoofde van artikel 38 (1) (a) (ii) van die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies en die Nasionale Tesourieregulasie 3.1 nagekom het. Die Ouditkomitee doen verder verslag dat hy toepaslike formele opdragte as sy Ouditkomiteehandves aanvaar het, sy sake in ooreenstemming met hierdie Handves hanteer het en al sy verantwoordelikhede soos daarin vervat nagekom het.

Doeltreffendheid van Interne Beheer

Daar word van die Departement verwag om interne beheerstelsels te ontwikkel en in stand te hou wat die bereiking van sy doelwitte waarskynlik sal verbeter, om aan te pas by veranderinge in die omgewing waarin dit toegepas word, om doeltreffendheid en nuttigheid van bedrywighede te bevorder en om betroubare verslagdoening en nakoming van wette en regulasies te ondersteun.

Die WKR het 'n Gekombineerde Versekeringsraamwerk aanvaar wat sekerheidverskaffers bepaal en inskakel. Die eerste vlak van sekerheid is bestuursekerheid, wat van lynbestuur vereis om doeltreffende interne beheermaatreëls te handhaaf en die prosedures daaglik toe te pas deur middel van toesighoudende kontroles en, waar nodig, regstellende stappe te neem. Die tweede vlak van sekerheid is interne sekerheid wat verkry word deur funksies wat van direkte lynbestuur geskei word, en aan nakoming van beleide, prosedures, norme, standaarde en raamwerke onderhewig is. Die derde vlak van sekerheid is onafhanklike sekerheidsverskaffers gelei deur professionele standaarde met die hoogste vlakke van onafhanklikheid.

'n Risikogebaseerde Saamgestelde Sekerheidsplan, gereël deur Interne Oudit wat ook 'n onafhanklike sekerheidsverskaffer is, is vir die Departement ontwikkel. Interne Oudit bied redelike sekerheid aan die Ouditkomitee en Bestuur dat die interne beheermaatreëls wat in die interne auditplan getoets is, voldoende en doeltreffend is. Dit word gedoen deur 'n goedgekeurde risiko-gebaseerde Interne

Ouditplan, 'n interne audit wat die toereikendheid en doeltreffendheid van kontroles wat die risiko's verminder, beoordeel en die Ouditkomitee monitor korrektiewe aksies wat ingestel word.

Die volgende interne auditopdragte is gedurende die verslagjaar deur die auditkomitee goedgekeur:

Sekerheidsverpligtinge:

- Thusong-program
- Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning
- Oordragbetalings
- Die COVID-19 Verkrygingskettingbestuur-transaksies (transversale betrokkenheid).

Konsultasies:

- Beoordelingsraamwerk vir Korporatiewe Bestuur vir Plangereedheid (transversale betrokkenheid)
- Waterrisiko: Watersekerheidsbestuur (transversale betrokkenheid).

Bogenoemde opdragte is gedurende die jaar voltooi.

Bestuur het goedkeuring gegee vir kwessies wat verbetering nodig het soos deur die Interne Oudit aangedui. Die Ouditkomitee monitor die uitvoering van die ooreengekome aksies kwartaalliks.

Bestuur gedurende die Jaar en Maandelikse/Kwartaallikse Verslae

Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en kwaliteit van die kwartaallikse bestuurs- en prestasieverslae wat ingevolge die Nasionale Tesourieregulasies en die Inkomstebelastingwet gedurende die oorsigjaar deur die Rekenpligtige Beampte van die Departement uitgereik is.

Beoordeling van Finansiële State

Die Ouditkomitee het:

- die Geouditeerde Finansiële Jaarstate wat in die Jaarverslag ingesluit word, met die Ouditeur-generaal Suid-Afrika (OGSA) en die Rekenpligtige Beampte hersien en bespreek;
- die OGSA-bestuursverslag en die Bestuur se reaksie daarop hersien; en
- veranderinge aan die rekeningkundige beleid en praktyke, soos weergegee in die finansiële jaarstate, hersien.

Nakoming

Die Ouditkomitee het die Departement se prosesse vir nakoming van wetlike en regulatoriese bepalings hersien. Terugvoer oor nuwe bepalings wat 'n invloed op die Departement het, word kwartaalliks deur die Departement aan die Ouditkomitee gegee.

Provinsiale Forensiese Dienste

Die Ouditkomitee hersien kwartaalliks die verslae wat deur Provinsiale Forensiese Dienste (PFS) voorgelê word. Geen aangeleenthede is onder ons aandag gebring wat verdere verslagdoening deur die Ouditkomitee vereis nie.

Prestasie-inligting

Die Ouditkomitee het die inligting oor voorafbepaalde doelwitte soos in die Jaarverslag aangedui, hersien.

Ouditeur-generaal se Verslag

Ons het die Departement se instellingsplan oor ouditkwessies wat die vorige jaar geopper is, kwartaalliks hersien. Die Ouditkomitee het met die OGSA vergader om te verseker dat daar geen onopgeloste kwessies uit die regulatoriese audit voortgespruit het nie.

Regstellende aksies van gedetailleerde bevindinge wat deur die OGSA gemaak is word kwartaalliks deur die Ouditkomitee gemonitor.

Die Ouditkomitee stem saam en aanvaar die OGSA se mening oor die Finansiële Jaarstate en stel voor dat hierdie Geouditeerde Finansiële Jaarstate aanvaar en saam met hul verslag gelees word.

Die Ouditkomitee prys die Departement vir die handhawing van 'n ongekwalifiseerde auditmening sonder enige bevindings.

Die Ouditkomitee wil die bestuur van die Departement, die OGSA en die WKR se Korporatiewe Sekerheidstak bedank vir die inligting en samewerking wat hulle verskaf het om ons in staat te stel om hierdie verslag saam te stel.



Mnr Francois Barnard
Voorsitter van die Ouditkomitee vir Bestuur en
Administrasiegroep Ouditkomitee
Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering
31 Augustus 2021



6. GESONDHEID-, VEILIGHEIDS- EN OMGEWINGSKWESSIES

Die Departement se gesondheid- en veiligheidsdoelwit is om werkverwante beserings, oordraagbare siektes en ongelukke wat tot beserings en beskadiging van eiendom lei, te verminder. Gedurende die verslagjaar het die Departement die volgende bereik:

- Gebeurlikheidsplanne vir die Departement van Plaaslike Regering is vir alle kantore van die Departement hersien, insluitend die streekkantoor. Die HvdD het alle gebeurlikheidsplanne goedgekeur en ingestel.
- Beroepsgesondheid en -veiligheidsbeoordelings is by 21 terreine van die Departement gedoen, insluitend streekkantore en departementele openbare geleenthede.
- Twee (2) voorgeskrewe ontruimingsoefeninge is gehou (1 aangekondig en 1 onaangekondig) en oefenlopie is vir alle streekkantore gehou.
- 21 vrywilligers het beroepsgesondheid en -veiligheidsopleiding ontvang om 'n veilige werksomgewing te verseker. (8 x brandweer-beamptes; 9 x noodhelpers; 3 x reëlingsbeamptes en 1 x BGV-vertegenwoordiger).
- Die Beroepsgesondheid en -veiligheidsbeleid is deur die Departementshoof goedgekeur en ingestel.
- Vier bewusmakingsessies vir Beroepsgesondheid en -veiligheid is by vier verskillende terreine van die Departement aangebied.

7. BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING

- Gedurende die boekjaar 2020/21 het die Departement van Plaaslike Regering een versoek om toegang tot inligting ingevolge die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000, ontvang.
- Die Departement het sy Artikel 32-verslag vir die boekjaar aan die Menseregtekommissie voorgelê.
- Die Departement het die WBTI Artikel 15 (outomaties beskikbare inligting) aan die Minister van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling voorgelê vir publikasie in die Staatskoerant via die Departement van die Premier.
- Die Departement se Afdeling 14 (WBTI-handleiding) is ook aan die Menseregtekommissie voorgelê en is op die amptelike webwerf in al drie amptelike tale beskikbaar.

8. SCOPA-BESLUIE

Besluit nr.	Onderwerp	Optrede deur die Departement	Opgelos (Ja/Nee)
11/4/1/2/5	1. Munisipale Openbare Rekeningkomitees (MPAC's) in die Wes-Kaap wat aandui wanneer hulle gestig is, die aantal vergaderings wat tot dusver gehou is, die aantal opleidingssessies wat komiteelede bygewoon het; en samestelling van die verskillende MPAC's; 2. Thusong-sentrums in die Wes-Kaap en die regeringsdienste wat deur hierdie sentrums aangebied word	Die Departement het verslae voorsien.	Ja

9. VORIGE WYSIGINGS AAN OUDITVERSLAG

N.V.T.



10. SEB NAKOMING VAN PRESTASIE-INLIGTING

Het die Departement / Openbare Entiteit enige relevante Gedragskode (SEB-Sertifikaat Vlakke 1-8) toegepas met betrekking tot die volgende:		
Kriteria	Optrede Ja / Nee	Bespreking (sluit verslag in oor die optrede en dui aan watter maatreëls getref is om daaraan te voldoen)
Kwalifikasiekriteria volgens enige wet vir die uitreiking van lisensies, toegewings of ander magtigings ten opsigte van ekonomiese aktiwiteite bepaal?	N/V/T	Die Departement van Plaaslike Regering het nie 'n mandaat om die uitreiking van lisensies, toegewings of ander magtigings ten opsigte van ekonomiese aktiwiteite te hanteer nie.
'n Voorkeur-verkrygingsbeleid ontwikkel en ingestel?	Nee	Toe die Regulasieraamwerk vir die Voorkeurbepalingsbeleid, 2017 (PPPFR) uitgereik is, het die Provinsiale Tesourie die uitdagings om die beleid in te stel aan die Kabinet voorgelê. Die Kabinet het 'n tussentydse strategie vir die Wes-Kaapse Regering (WKR) goedgekeur om die vereistes van die PPPFR's sowel as die vereistes vir die Verkrygingskettingbestuur volgens die Provinsiale Tesourie-instruksies (PTI's) te hanteer. Dit het die WKR toegelaat om sy diskresie toe te pas om nie die vereiste kriteria vir voorafkwalifikasie en sekere regulasies toe te pas nie. Dit het ook bemagtiging vir alle verkrygings bo R10 miljoen (drempel van die vrygestelde mikro-onderneming moontlik gemaak, departemente bemagtig om die drempel te verlaag indien 'n ontleding dit bepaal en streekaanwysers ingestel om plaaslike verskaffers met behulp van die e-verkrygingsstelsel te kies en terselfdertyd verskaffers af te wissel.
Kriteria bepaal om staatsondernemings te verkoop?	N/V/T	Die Departement van Plaaslike Regering het nie 'n mandaat om staatsondernemings te verkoop nie.
Kriteria ontwikkel om vennootskappe met die privaatsektor aan te gaan?	N/V/T	Die Departement van Plaaslike Regering se mandaat vereis nie dat vennootskappe met die privaatsektor aangegaan word nie.
Kriteria bepaal om aansporing, toelaes en beleggingskemas ter ondersteuning van swart ekonomiese bemagtiging toe te ken?	N/V/T	Die Departement van Plaaslike Regering het nie 'n mandaat om aansporingstoekennings, toelaes en beleggingskemas ter ondersteuning van swart ekonomiese bemagtiging toe te ken nie.

Deel D:

MENSLIKE HULPBRON- BESTUUR



Menslike Hulpbronbestuur



1. INLEIDING

Ons unieke bydrae tot die werk van die Wes-Kaapse Regering is as gevolg van die volgehoue, en dikwels onbaatsugtige, pogings van die mense in die Departement van Plaaslike Regering.

Die lewering van verbeterde dienste aan die inwoners van die Wes-Kaapse Provinsie, is nie sonder sy eie uitdagings nie. Daar was 'n aansienlike verskuiwing in moderne personeelbestuur oor die afgelope jaar wat komplekse navigasie tussen 'n verskeidenheid mededingende veranderlikes vereis.

Afgesien van die feit dat hierdie veranderlikes interafhanklik en interverwant is, word dit ook deur streng reëls en regulasies beheer, wat sake bemoeilik om personeel te behou wanneer ander aantreklike moontlikhede ondersoek word.

Dit sluit in om 'n balans te behou tussen noodsaaklike diensleweringseisies, om noodsaaklike en skaars vaardighede te lok en te behou, bemagtiging van die werkerskorps, loopbaanbestuur, opvolgbeplanning, billike indiensneming en om 'n bemagtigende omgewing te skep waar werknemers kan floreer. Daarbenewens moet die Departement binne 'n veeleisende werksomgewing funksioneer, waar van bestuurders verwag word om "meer met minder" te doen.

Ten spyte van die veranderende werkswyse en verhoogde eise wat 'n uitwerking op die moderne werkplek het, het die volhoudende harde werk van ons mense tot merkwaardige prestasies en verbeterde dienslewering gedurende die jaar onder oorsig gelei.

2. STATUS VAN PERSONEELBESTUUR IN DIE DEPARTEMENT

2.1 Prioriteite vir Departementele Arbeidsmagbeplanning

- Om te verseker dat die Departement die vereiste aantal persone met die nodige vaardighede, kennis en houdings het om die werk te doen is dit belangrik om die werksstruktuur te beplan. Deur middel van hierdie proses beoordeel die Departement jaarliks sy personeelprofiel teen huidige en toekomstige organisatoriese behoeftes.
- Die doel van hierdie evaluering is om te bepaal in watter mate die huidige personeelprofiel die bestuursuitkomst van sleutelposte aanspreek wat die kontinuïteit en waarde van diens sal waarborg.
- Die personeelplan 2016-2021 is dus in ooreenstemming met die visie en missie van die Departement se Strategiese Plan, sowel as die Personeelbestuurstrategie.
- Die aannames waarop hierdie werksmagplan ontwikkel is, is steeds geldig en die Aksieplan is hersien om te verseker dat die strategieë (soos volgens die bepaalde prioriteite) sy uitkomst bereik:
 - ✓ 'n Diverse werksmag met gelyke geleenthede vir almal;
 - ✓ Gedeelde waardes en kulture wat in ooreenstemming gebring word wat tot die behoud van personeel bydra;
 - ✓ Departement voldoende beman
 - ✓ Geadverteerde poste moet vinniger gevul word;
 - ✓ Spertye om poste te vul moet verkort word;
 - ✓ Diensperiodes vir kontrakaanstellings moet verkort word;
 - ✓ Groter verteenwoordiging van vroue in bestuur;
 - ✓ Groter verteenwoordiging van persone met gestremdhede in die Departement;
 - ✓ 'n Prestasiebevorderende werkplek;

- ✓ Bevoegde mense in die regte getalle op die regte plek op die regte tyd met die regte houding;
- ✓ Besikbaarheid van 'n poel van bekwame werknemers wat gereed is om vakante posisies in skaars en noodsaaklike beroepe te vul.

2.2 Prestasiebestuur vir Werknemers

Die doel van Prestasiebestuur is om prestasie te verhoog deur individuele toewyding, aanspreeklikheid en motivering aan te moedig.

Alle werknemers moet voor 31 Mei elke jaar 'n prestasie-ooreenkoms voltooi. Die ooreenkoms is in wese 'n kontrak tussen die werkgewer en die werknemer wat die projekte, programme, aktiwiteite, verwagtinge en standarde vir die vereiste dienslewering bevat. Ten einde 'n gestandaardiseerde administrasieproses te fasiliteer, het die Wes-Kaapse regering 'n elektroniese stelsel ontwerp, naamlik PERMIS (Prestasiebestuursinligtingstelsel), wat dit moontlik maak dat die hele prestasiebestuursproses vasgelê, gemonitor en bestuur word.

Die prestasiebestuursproses vereis dat 'n halfjaarlikse oorsig en jaarlikse evaluering gedoen word, maar dat die operasionele doelwitte en prestasies wat met die prestasie-ooreenkoms verband hou, deurlopend gemonitor en gekommunikeer word. In gevalle waar doelwitte of prestasieverwagtings nie nagekom word nie, word die swak prestasie bestuur deur die leemtes aan te spreek. 'n Prestasie-konsultasie-eenheid is in die Korporatiewe Dienstesentrum (Hoofdirektoraat: Menslike hulpbronbestuurspraktyke) gestig om lynbestuurders (personeelbestuurders) by te staan in gevalle van swak prestasie. Die proses word voortdurend ontwikkel, maar in gevalle waar individue as swak presteerders ingevolge die wetgewende raamwerk geïdentifiseer is, moet hulle hulself onderwerp aan 'n ontwikkelingsplan of alternatief tot dissiplinêre optrede.

2.3 Werknemerwelstand

Die WKR se Transversale Werkgewer Gesondheid- en welstandsprogram (WGW) volg 'n holistiese benadering tot die welstand van werknemers en is hoofsaaklik voorkomend van aard. Dit bied beide primêre en sekondêre dienste aan.

Die Departement monitor die WGW-program deur middel van maandelikse gebruiksverslae vir primêre dienste (24/7/365 telefoniese beradingsdiens, aanlyn e-Sorgdiens en verslagdoening) en sekondêre dienste (persoonlike berading, trauma en kritieke voorvalle, opleiding en doelgerigte ingryping, privaat berading, voorspraak).

Die Direktoraat: Organisatoriese Gedrag in die Korporatiewe Dienssentrum stel 'n kwartaallike verslag op wat neigings van benutting, risiko-identifikasie en die invloed daarvan op produktiwiteit uiteensit. Verder is voortgesette verslagdoening aan die Departement van Staatsdiens en Administrasie (DPSA) 'n vereiste en sulke verslagdoening fokus op vier areas, naamlik MIV/VIGS, Gesondheid en Produktiwiteit, Welstandsbestuur en VGK (Veiligheidsgesondheid en Kwaliteit).

2.4 Monitor Personeelbestuur

In samewerking met die KDS monitor die Departement die instelling van 'n verskeidenheid nakomingaanwysers vir personeel. Die maandelikse Barometerfeitelêer, wat deur die Hoofdirektoraat: Personeelbestuurspraktyke binne die KDS ontwikkel word, bied die Departement gereelde opdaterings oor die personeelprofiel en ander relevante personeelbestuursdata om besluitneming moontlik te maak. Die aanwysers sluit onder andere, inligting in van die personeelstruktuur, aantal personeel, verwagte personeeluitgawes, siekteverloftendense, die geldwaarde van jaarlikse verlofkrediete, dissiplinêre sake, aantal vakature, personeelveranderings, indiensnemingsgelykheid, ens.



3. OORSIG VAN STATISTIEK VAN MENSE HULPBRONNE

3.1 Personeelverwante uitgawes

Die volgende tabelle som die finale geouditeerde uitgawes per program (Tabel 3.1.1) en volgens salarisskale (Tabel 3.1.2) op. Die syfers in Tabel 3.1.1 word van die Basiese Rekeningkundige Stelsel verkry en die syfers in Tabel 3.1.2 uit die PERSAL (Personeel Salaris)-stelsel. Die twee stelsels is nie gesinchroniseer vir terugbetalings van salarisse ten opsigte van personeelaanstellings en bedankings en / of oordragte na en van ander departemente nie. Dit beteken dat daar 'n verskil kan wees in die totale uitgawes wat op hierdie stelsels weergegee word.

Die numering van die programme in die tabel hieronder is 'n beskrywing van die programme in die Departement. Daar sal voortaan na die programnommers verwys word.

Program	Titel van Program
Program 1	Administrasie
Program 2	Plaaslike Regering
Program 3	Ontwikkeling en Beplanning

Tabel 3.1.1: Personeeluitgawes volgens program, 2020/21

Program	Totale Uitgawe (R'000)	Personeel-uitgawe (R'000)	Opleiding en Uitgawe (R'000)	Goedere en Dienste (R'000)	Personeel-uitgawe % van totale uitgawe	Gemiddelde personeel-uitgawe per personeellid (R'000)	Aantal personeel betaal
Program 1	51 754	33 352	814	13 723	64,4%	476	70
Program 2	144 283	111 187	-	11 974	77,1%	434	256
Program 3	83 104	37 334	172	26 137	44,9%	533	70
Totaal	279 141	181 873	986	51 834	65,2%	459	396

Nota: Die aantal werknemers verwys na alle individue wat gedurende die verslagtydperk vergoed word, insluitend interns (d.w.s. die Premier se Bevordering van die Jeug (PBJ, matriek, gegradueerde en student), maar die Provinsiale Minister is uitgesluit. Die aantal werknemers is kumulatief en nie 'n momentopname soos op 'n spesifieke datum nie.

Tabel 3.1.2: Personeeluitgawe volgens salarisskale, 2020/21

Salarisskale	Personeel- uitgawes (R'000)	% van totale personeel- uitgawes	Gemiddelde personeeluitgawes per personeellid (R'000)	Aantal personeel
Interns	16	0,0	3	5
Laer geskoolde (Vlak 1-2)	0	-	0	0
Geskoolde (Vlak 3-5)	6 910	3,8	230	30
Hoogsgeskoolde produksie Vlak 6-8)	78 916	43,2	349	226
Hoogsgeskoolde toesighouding (Vlak 9-12)	75 467	41,4	619	122
Seniorbestuur (Vlak 13-16)	21 168	11,6	1 245	17
Totaal	182 477	100,0	456	400

Nota: Die aantal werknemers verwys na alle individue wat gedurende die verslagtydperk vergoed word, insluitend interns (d.w.s. die Premier se Bevordering van die Jeug (PBJ, matriek, gegradueerde en student), maar die Provinsiale Minister is uitgesluit. Die aantal werknemers is kumulatief en nie 'n momentopname soos op 'n spesifieke datum nie.



Die volgende tabelle verskaf 'n opsomming per program (Tabel 3.1.3) en salarisbande (Tabel 3.1.4) van uitgawes aangegaan as gevolg van salarisse, oortyd, behuisingstoelaag en mediese bystand. Hierdie tabelle maak nie voorsiening vir ander uitgawes soos Pensioene, Prestasiebonusse en ander toelaes, wat die totale personeeluitgawes uitmaak nie. In elke geval gee die tabel 'n aanduiding van die persentasie personeeluitgawes wat vir hierdie items gebruik is.

Tabel 3.1.3: Salarisse, Oortyd, Behuisingstoelae en Mediese Bystand volgens program, 2020/21

Program	Salarisse		Oortyd		Behuisingstoelae		Mediese Bystand	
	Bedrag (R'000)	Salaris as 'n % van personeel-uitgawes	Bedrag (R'000)	Oortyd as 'n % van personeel-uitgawes	Bedrag (R'000)	Behuisingstoelae as 'n % van personeel-uitgawes	Bedrag (R'000)	Mediese bystand as 'n % van personeel-uitgawes
Program 1	22 845	12,5	95	0,1	664	0,4	1 688	0,9
Program 2	80 176	43,9	153	0,1	3 136	1,7	6 329	3,5
Program 3	27 687	15,2	604	0,3	612	0,3	1 226	0,7
Totaal	130 708	71,6	852	0,5	4 413	2,4	9 243	5,1

Nota: Die syfers in Tabel 3.1.3 en 3.1.4 word van die PERSAL (Personeel Salarisstelsel) verkry en is nie die Basiese Rekeningkundige Stelsel nie. Die twee stelsels is nie gesinchroniseer vir salaristerugbetalings ten opsigte van aanstellings en bedankings en/of oorplasings van en na ander departemente nie. Dit beteken dat daar 'n verskil kan wees in die uitgawes wat op hierdie stelsels weerspieël word, bv. salarisse, oortyd, behuising en mediese bystand. Boonop maak die bostaande tabel nie voorsiening vir ander uitgawes soos pensioene, prestasiebonus en ander toelaes wat die totale personeeluitgawes behels nie. Bogenoemde uitgawes is van toepassing op alle individue wat gedurende die verslagdoeningstydperk vergoed is, insluitend interns (PBJ, matrikulante, gegradueerdes en studente), maar die Provinsiale Minister is uitgesluit.

Tabel 3.1.4: Salarisse, Oortyd, Behuisingstoelae en Mediese Bystand volgens salarisbande, 2020/21

Salarisskale	Salarisse		Oortyd		Behuisingstoelae		Mediese Bystand	
	Bedrag (R'000)	Salaris as 'n % van personeel-uitgawes	Bedrag (R'000)	Oortyd as 'n % van personeel-uitgawes	Bedrag (R'000)	Behuisingstoelae as 'n % van personeel-uitgawes	Bedrag (R'000)	Mediese bystand as 'n % van personeel-uitgawes
Interns	8	0,0	-	-	-	-	-	-
Laer geskoolde (Vlak 1-2)	-	-	-	-	-	-	-	-
Geskoolde (Vlak 3-5)	4 787	2,6	47	0,0	291	0,2	707	0,4
Hoogs-geskoolde produksie (Vlak 6-8)	57 072	31,3	228	0,1	2 908	1,6	5 931	3,3
Hoogs-geskoolde toesighouding (Vlak 9-12)	54 836	30,1	578	0,3	972	0,5	2 351	1,3
Seniorbestuur (Vlak 13-16)	14 005	7,7	-	-	241	0,1	254	0,1
Totaal	130 708	71,6	852	0,5	4 413	2,4	9 243	5,1

Nota: Die syfers in Tabel 3.1.3 en 3.1.4 word van die PERSAL (Personeel Salarisstelsel) verkry en is nie die Basiese Rekeningkundige Stelsel nie. Die twee stelsels is nie gesinchroniseer vir salaristerugbetalings ten opsigte van aanstellings en bedankings en/of oorplasings van en na ander departemente nie. Dit beteken dat daar 'n verskil kan wees in die uitgawes wat op hierdie stelsels weerspieël word, bv. salarisse, oortyd, behuising en mediese bystand. Boonop maak die bostaande tabel nie voorsiening vir ander uitgawes soos pensioene, prestasiebonus en ander toelaes wat die totale personeeluitgawes behels nie. Bogenoemde uitgawes is van toepassing op alle individue wat gedurende die verslagdoeningstydperk vergoed is, insluitend interns (PBJ, matrikulante, gegradueerdes en studente), maar die Provinsiale Minister is uitgesluit.



3.2 Indiensneming en Vakatures

Die volgende tabelle gee 'n opsomming van die aantal aktiewe poste op die perseel, die aantal werknemers (uitgesluit interns en die Minister) en die persentasie aktiewe vakante poste soos aan die einde van die finansiële jaar. Hierdie inligting word volgens drie belangrike veranderlikes aangebied, naamlik: Program (Tabel 3.2.1), Salarisband (Tabel 3.2.2) en Kritieke (noodsaaklike) beroepe (Tabel 3.2.3). Alle inligting in hierdie afdeling is die werklike uitgewes soos aan die einde van die finansiële jaar onder oorsig.

Tabel 3.2.1: Indiensneming en vakatures volgens program, soos op 31 Maart 2021

Program	Aantal aktiewe poste	Aantal poste gevul	Vakaturekoers %
Program 1	66	65	1,5
Program 2	244	244	-
Program 3	58	57	1,7
Totaal	368	366	0,5

Tabel 3.2.2: Indiensneming en vakatures volgens Salarisband soos op 31 Maart 2021

Salarisskale	Aantal aktiewe poste	Aantal poste gevul	Vakaturekoers %
Laer geskoolde (Vlak 1-2)	0	0	-
Geskoolde (Vlak 3-5)	28	27	3,6
Hoogsgeskoolde produksie (Vlak 6-8)	211	210	0,5
Hoogsgeskoolde toesighouding (Vlak 9-12)	112	112	-
Seniorbestuur (Vlak 13-16)	17	17	-
Totaal	368	366	0,5

